# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

**Gelykheid**
Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.

**Menswaardigheid**
Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.

**Lewe**
Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.

**Gesin en familie**
Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

**Onderwys**
Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.

**Werk**
Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.

**Vryheid en sekuriteit**
Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op `n vreedsame manier.

**Eiendom**
Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.

**Religie, oortuiging en menings**
Respekteer die oortuigings en menings van ander.

**Veiligheid**
Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

**Burgerskap**
Wees `n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

**Vryheid van uitdrukking**
Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.

ISBN: 978-1-4315-0223-3
9 781431 502233

Rainbow WORKBOOKS

**MATHEMATICS IN AFRIKAANS**
**GRADE 8 – BOOK 1**
**TERMS 1 & 2**
**ISBN 978-1-4315-0223-3**
**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**
**8th Edition**

1 2 3 4

*Published by the Department of Basic Education*
*222 Struben Street*
*Pretoria*
*South Africa*

*© Department of Basic Education*
*Eighth Edition 2018*

*The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.*

WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 8 Boek 1
ISBN 978-1-4315-0223-3

Hersien volgens die KABV



Graad 8

Naam: | Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# WISKUNDE IN AFRIKAANS

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

# Inhoud


| No. | Titel | Bl. |
|---|---|---|
| R1 | Doen berekeninge | ii |
| R2 | Veelvoude en faktore | iv |
| R3a | Eksponente | vi |
| R3b | Eksponente (vervolg) | viii |
| R4 | Heelgetalle | x |
| R5a | Gewone breuke | xii |
| R5b | Gewone breuke (vervolg) | xiv |
| R6a | Persentasies en desimale breuke | xvi |
| R6b | Persentasies en desimale breuke (vervolg) | xviii |
| R7 | Inset en uitset | xx |
| R8a | Algebraïese uitdrukkings en vergelykings | xxii |
| R8b | Algebraïese uitdrukkings en vergelykings (vervolg) | xxiv |
| R9 | Grafieke | xxvi |
| R10 | Finansiële wiskunde | xxviii |
| R11a | Meetkundige figure | xxx |
| R11b | Meetkundige figure (vervolg) | xxxii |
| R12 | Transformasies | xxxiv |
| R13 | Meetkunde | xxxvi |
| R14 | Omtrek en oppervlakte | xxxviii |
| R15a | Volume en oppervlakte | xl |
| R15b | Volume en oppervlakte (vervolg) | xlii |
| R16a | Data | xliv |
| R16b | Data (vervolg) | xlvi |
| 1 | Telgetal, natuurlike getalle en heelgetalle | 2 |
| 2a | Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe | 4 |
| 2b | Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe (vervolg) | 6 |
| 3 | Faktore, priemfaktore en faktorisering | 8 |
| 4 | Veelvoude en die kleinste gemene veelvoud | 10 |
| 5 | Grootste gemene deler en kleinste gemene veelvoud van drie-syfergetalle | 12 |
| 6 | Finansies – profyt, verlies en afslag | 14 |
| 7 | Finansies – begroting | 16 |
| 8 | Finansies – lenings en rente | 18 |
| 9 | Finansies – huurkoop | 20 |
| 10 | Finansies – wisselkoerse | 22 |
| 11 | Getallerye met heelgetalle | 24 |
| 12 | Berekeninge met veelvoudige bewerkings | 26 |
| 13 | Eienskappe van getalle en heelgetalle | 28 |
| 14 | Kwadraatgetalle, derdemagte en nog eksponente | 30 |
| 15 | Kwadraatgetalle en vierkantswortels | 32 |
| 16 | Verteenwoordig vierkantswortels | 34 |
| 17 | Derdemagte en wortels | 36 |
| 18 | Stel derdemagswortels voor | 38 |
| 19 | Wetenskaplike notasie | 40 |
| 20 | Wet van eksponente: $x^m \times x^n = x^{m+n}$ | 42 |
| 21 | Wet van eksponente: $x^m \div x^n = x^{m-n}$ | 44 |
| 22 | Nog wette van eksponente: $(x^m)^n = x^{mn}$ | 46 |
| 23 | Wette van eksponente: $(x^0) = 1$ | 48 |
| 24 | Berekeninge met eksponente | 50 |
| 25 | Berekeninge met veelvoudige bewerkinge (vierkante en derdemagte, vierkants- en derdemagswortels) | 52 |
| 26 | Nog berekeninge met esponente | 54 |
| 27a | Numeriese patrone | 56 |
| 27b | Numeriese patrone (vervolg) | 58 |
| 28 | Inset- en uitsetwaardes | 60 |
| 29a | Algebraïese woordeskat | 62 |
| 29b | Algebraïese woordeskat (vervolg) | 64 |
| 30 | Soortgelyke terme: heelgetalle | 66 |
| 31 | Soortgelyke terme: heelgetalle | 68 |
| 32 | Skryf van getallesinne | 70 |
| 33 | Stel algebraïese vergelykings op | 72 |
| 34 | Optellingsinverse en omgekeerde | 74 |
| 35 | Balanseer die vergelyking | 76 |
| 36a | Vervanging | 78 |
| 36b | Vervanging (vervolg) | 80 |
| 37 | Algebraïese vergelyking | 82 |
| 38 | Probleemoplossing | 84 |
| 39 | Deel monome, binome en trinome deur heelgetalle of monome | 86 |
| 40 | Vereenvoudig algebraïese uitdrukkings | 88 |
| 41 | Bereken die kwadraatgetalle en vierkantswortels van enkel algebraïese terme | 90 |
| 42 | Veelvoudige bewerkings: rasionale getalle | 92 |
| 43 | Nog veelvoudige bewerkings | 94 |
| 44 | Deelbewerkings | 96 |
| 45a | Maak geometriese figure | 98 |
| 45b | Maak geometriese figure (vervolg) | 100 |
| 46 | Maak met 'n gradeboog | 102 |
| 47 | Parallelle en loodregte lyne | 104 |
| 48a | Maak hoeke en 'n driehoek | 106 |
| 48b | Maak hoeke en 'n driehoek (vervolg) | 108 |
| 49 | Die som van die binnehoeke van enige driehoek is gelyk aan 180° | 110 |
| 50a | Maak vierhoeke | 112 |
| 50b | Maak vierhoeke (vervolg) | 114 |
| 51 | Maak poligone | 116 |
| 52 | Poligone | 118 |
| 53 | Meer van poligone | 120 |
| 54 | Soortgelyke driehoeke | 122 |
| 55a | Kongruente driehoeke | 124 |
| 55b | Kongruente driehoeke (vervolg) | 126 |
| 56 | Soortgelyke-driehoekprobleme | 128 |
| 57 | Vierhoeke, driehoeke en hoeke | 130 |
| 58 | Poligone en vierhoeke | 132 |
| 59 | Diagonale | 134 |
| 60a | Vierhoeke, hoeke en diagramme | 136 |
| 60b | Vierhoeke, hoeke en diagramme (vervolg) | 138 |
| 61 | Parallelle en loodregte lyne | 140 |
| 62 | Hoekpare | 142 |
| 63 | Probleme | 144 |
| 64 | Raaiselpret met geometriese figure | 146 |




Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.

Graad 8

# Wiskunde

AFRIKAANS

## Boek 1

1 Hersiening Werkblaaie: R1 tot R16
Sleutelkonsepte van Graad 7

2 Werkblaaie: 1 tot 64

## Boek 2

3 Werkblaaie: 65 tot 144

Naam:

# Die struktuur van 'n werkblad


**Werkblad nommer**
**(Hersiening R1 tot R16, Gewone 1 tot 148)**

**Werkblad titel**

**Tema inleiding**
**(Teks en prentjies om jou te help om te dink oor en om die tema van die werkblad te bespreek.)**

**Kwartaal aanwyser**
**(Daar is veertig werkblaaie per kwartaal.)**


**Vrae**




**Kleur kode vir inhoud area**

| Inhoud | Kantlyn kleur |
|---|---|
| Hersiening | Pers |
| Nommer | Turkoois |
| Patrone en funksies (algebra) | Elektriese blou |
| Spasie en vorms (meetkunde) | Oranje |
| Meting | Groen |
| Data hantering | Rooi |

**Taal kleur kode:**
**Afrikaans (Rooi), Engels (Blou)**




**Voorbeeld raam (in geel)**

**Pret / uitdaging / probleem oplos aktiwiteit**
**(Dit is die einde van 'n werkblad aktiwiteit wat prettige of uitdagende aktiwiteite kan insluit wat ook met ouers of broers en susters by die huis gedeel kan word.)**

**Onderwyser assessering beoordeling, handtekening en datum**

Rainbow WORKBOOKS

Graad 8

# wiskunde

DEEL 1

## Hersiening

Sleutelkonsepte van Graad 7

**WERKBLAAIE R1 tot R16**

AFRIKAANS

Boek 1

Naam:

# R1 Doen berekeninge

**Om probleme op te los moet ons weet dat ons verskillende woorde vir optelling, aftrekking, vermenigvuldiging en deling kan gebruik. Dink aan 'n paar daarvan.**

| + | − | × | ÷ |
|---|---|---|---|
| | | | |




**1. Bereken:**

a. 27 835 + 32 132

b. 45 371 + 12 625

c. 51 832 + 32 749

**2. Bereken:**

a. 457 834 − 325 613

b. 788 569 − 123 479

c. 384 789 − 325 894

**3. Bereken:**

a. 14 815 × 38

b. 29 783 × 24

c. 38 765 × 36

**4. Bereken:**

a. 22 ⟌36842

b. 63 ⟌96431

c. 45 ⟌76593

**Wat is rekenkunde?**

**Rekenkunde** is die oudste en mees basiese deel van wiskunde.

Dit het te make met die eienskappe van getalle en die hantering van getalle en hoeveelheid.

Dit word deur byna almal gebruik vir sowel eenvoudige as komplekse take, van eenvoudige alledaagse opteltake tot ingewikkelde sake – en wetenskaplike berekeninge.

In algemene gebruik, verwys rekenkunde na die basiese reëls vir die bewerkings optel, aftrek, vermenigvuldig en deel met getal kleiner waardes.

**5. Gee 'n voorbeeld van elk van hierdie eienskappe van getalle:**

**Kommutatief:** Beteken dat wanneer jy getalle optel of vermenigvuldig jy die volgorde kan verander en omruil en steeds dieselfde antwoord sal kry.

**Assosiatief:** Beteken dat wanneer jy optel of vermenigvuldig dit nie saak maak hoe jy die getalle wat jy optel groepeer nie.

*Kwartaal 1*

6. **Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking waar te maak.**

**Voorbeeld:** 4 + 6 =
4 + 6 = 6 + 4
want 4 + 6 = 10
en 6 + 4 = 10

a. 3 + 4 =

b. 8 + 4 =

7. **Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te maak.**

**Voorbeeld:** $a + b =$ ☐
$a + b = b + a$

a. $c + d =$

b. $f + g =$

8. **Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te maak.**

**Voorbeeld:** 2 × 3 = ☐
2 × 3 = 3 × 2
want 2 × 3 = 6
en 3 × 2 = 6

a. 4 × 5 =

b. 7 × 9 =

9. **Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te maak.**

**Voorbeeld:** $a \times b =$ ☐
$a \times b = b \times a$
$ab = ab$

a. $x \times c =$

b. $m \times n =$

10. **Gebruik nul as die identiteit van optel, of een as die identiteit van vermenigvuldig om die volgende op te los:**

a. $a \times 1 =$

b. $b \times$ __ $= b$

c. $e + 0 =$

**Probleemoplossing**

Verander die vraag na 'n getallesin of los dit op.

Wat moet ek by 'n getal voeg sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?

Waarmee moet ek 'n getal vermenigvuldig sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?

As $a \times (b + c) = (a \times b) + (a \times c)$, en $a = -3$, $b = -5$ en $c = -2$, vervang en los die vergelyking op.

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R2 Veelvoude en faktore



## Wat het ons voorheen geleer?

'n Veelvoud is 'n getal wat gevorm word deur 'n getal en 'n heelgetal met mekaar te vermenigvuldig. Bv. 3 × 4 = 12. Dus is 12 'n veelvoud van 3. Die veelvoude van 3 is: 3, 6, 9, …



KGV staan vir kleinste gemene veelvoud.

'n Faktor is 'n getal wat presies in 'n ander getal in verdeel, bv. 3 en 4 is faktore van 12. Al die faktore (al die getalle wat presies kan verdeel in) van 12 is 1, 2, 3, 4, 6, 12.

GGF staan vir grootse gemene faktor.

**1. Wat is die eerste 5 veelvoude van:**

**Voorbeeld: Veelvoude van** 3: 3, 6, 9, 12, 15

a. 5 ____________________ b. 11 ____________________ c. 8 ____________________

d. 10 ____________________ e. 25 ____________________ f. 50 ____________________

**2. Skryf die eerste 12 veelvoude en omkring al die gemene veelvoude van elk van die volgende paar getalle en identifiseer ook die kleinste gemene veelvoud (KGV).**

**Voorbeeld:** Veelvoude van 4: {4, 8, 12, 16, (20), 24, 28, 32, 36, (40), 44, 48}.
Veelvoude van 5: {5, 10, 15, (20), 25, 30, 35, (40), 45, 50, 55, 60}
Die kleinste gemene veelvoud is 20.

a. Veelvoude van 2: {____________________________________________}
Veelvoude van 3: {____________________________________________}
KGV: ______________________________

b. Veelvoude van 8: {____________________________________________}
Veelvoude van 7: {____________________________________________}
KGV: ______________________________

c. Veelvoude van 9: {____________________________________________}
Veelvoude van 10:{____________________________________________}
KGV: ______________________________

d. Veelvoude van 12:{____________________________________________}
Veelvoude van 13:{____________________________________________}
KGV: ______________________________

**3. Wat is die faktore van:**

**Voorbeeld:** Die faktore van12: 1, 2, 3, 4, 6 en 12

a. 15 ____________________ b. 64 ____________________ c. 24 ____________________

d. 72 ____________________ e. 80 ____________________ f. 45 ____________________

**4. Wat is die gemene faktore en die grootste gemene faktor (GGF) vir hierdie getalle?**

**Voorbeeld:** Faktore van 12 is (1), (2), (3), 4, (6), 12
Faktore van 18 is (1), (2), (3), (6), 9, 18
Die gemene faktore is: 1, 2, 3, 6 en die GGF = 6

a. Faktore van 8: {________________}
Faktore van 7: {________________}
GGF: ________________

b. Faktore van 14: {________________}
Faktore van 12: {________________}
GGF: ________________

c. Faktore van 9: {________________}
Faktore van 18: {________________}
GGF: ________________

d. Faktore van 11: {________________}
Faktore van 10: {________________}
GGF: ________________

e. Faktore van 15: {________________}
Faktore van 6: {________________}
GGF: ________________

f. Faktore van 9: {________________}
Faktore van 8: {________________}
GGF: ________________

**5. Verduidelik die volgende in jou eie woorde:**

a. Veelvoude ________________________________

b. Faktore ________________________________

**6. Hoe om veelvoude en faktore in wiskunde te gebruik is 'n baie belangrike vaardigheid. Hier is 'n paar stellings. Verduidelik elke stelling en gee jou eie voorbeelde.**

| | |
|---|---|
| Dit help om groot getalle in kleiner getalle op te breek as jy gevra word om 'n breuk te vereenvoudig. | |
| Soms wil ek kontroleer of die resultate van my berekening sin maak. Ek gebruik dan faktore en veelvoude om die getalle tot hul eenvoudigste vorm te reduseer en kry dan 'n benaderde antwoord. | |

**Probleemoplossing**

Gee al die priemgetalle van 0 tot 100.

Teken:


Datum:

# R3a Eksponente



**Watter kwadraatgetal en vierkantswortel verteenwoordig die diagram?**

3 × 3 = 9, dus is 3 die vierkantswortel van 9. Ons skryf dit so: $\sqrt{9}$ = 3. Diagram b.





Die konsepte vierkantswortel en derdemagswortel is die voorvereiste vir baie ander wiskundekonsepte. Kan jy aan 'n paar dink?



**Wat is 'n derdemagswortel? Watter diagram sal dit wees?**

3 × 3 × 3 = 27, dus is 3 die derdemagswortel van 27. Ons skryf dit so: $\sqrt[3]{27}$ = 3. Diagram c.




In hierdie aktiwiteit hersien ons al die basiese konsepte wat jy in Graad 8 moet ken.

Jy kan hierdie aktiwiteit by die huis voltooi.

**1. Skryf die volgende in eksponentiële vorm:**

**Voorbeeld:** $13 \times 13 = 13^2$ a. $2 \times 2 =$ ______ b. $7 \times 7 =$ ______

**2. Skryf die volgende as 'n vermenigvuldigingsin:**

**Voorbeeld:** $15^2 = 15 \times 15$ a. $12^2 =$ ______ b. $7^2 =$ ______

**3. Identifiseer die volgende: a. Die grondtal. b. die eksponent.** $3^2$

______

**4. Skryf die volgende in eksponentiële vorm:**

**Voorbeeld:** $6 \times 6 \times 6 = 6^3$ a. $3 \times 3 \times 3 =$ ______ b. $2 \times 2 \times 2 =$ ______

**5. Skryf die volgende as vermenigvuldigsomme:**

**Voorbeeld:** $6^3 = 6 \times 6 \times 6$ a. $2^3 =$ ______ b. $4^3 =$ ______

**6. Bereken die antwoorde:**

**Voorbeeld:** $5^2 + 3^2 = 25 + 9 = 34$ a. $2^2 + 10^2 =$ ______ b. $6^2 - 3^2 =$ ______

**7. Bereken die antwoorde:**

**Voorbeeld:** $5^2 + 3^3 = 25 + 27 = 52$

a. $6^3 - 5^2 =$

b. $2^2 + 3^3 =$

**8. Bereken die derdemagswortel:**

**Voorbeeld:** $\sqrt[3]{27}$
$= \sqrt[3]{3 \times 3 \times 3}$
$= 3$

a. $\sqrt[3]{8}$

b. $\sqrt[3]{64}$

**9. Bereken:**

**Voorbeeld:** $\sqrt{16} + \sqrt{25}$
$= 4 + 5$
$= 9$

a. $\sqrt{9} + \sqrt{16} =$

b. $\sqrt{100} + \sqrt{81} =$

**10. Bereken:**

**Voorbeeld:** $\sqrt[3]{64} + \sqrt[3]{27}$
$= 4 - 3$
$= 1$

a. $\sqrt[3]{216} + \sqrt[3]{27} =$

b. $\sqrt[3]{27} - \sqrt[3]{8} =$

**11. Bereken:**

**Voorbeeld:** $\sqrt[3]{125} + \sqrt{16}$
$= 5 + 4$
$= 9$

a. $\sqrt{25} + \sqrt[3]{8} =$

b. $\sqrt{25} - \sqrt[3]{27} =$

**12. Bereken:**

**Voorbeeld:** $\sqrt[3]{27} + 3^2 - \sqrt{25}$
$= 3 + 9 - 5$
$= 7$

a. $\sqrt[3]{216} + 4^2 - \sqrt{16} =$

b. $9^2 - \sqrt[3]{27} + \sqrt{4} =$

**13. Bereken die volgende so vinnig as moontlik:**

**Voorbeeld:** $10 \times 10 \times 10 \times 10 = 10\,000$

a. $10 \times 10 =$ ______________

b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ ______________


Teken:

Datum:

vervolg ☛

# R3b Eksponente vervolg

Jy kan jou antwoorde nagaan deur 'n wetenskaplike sakrekenaar te gebruik.



**14. Voltooi die tabel:**

| Som | Eksponensiële formaat | Antwoord |
|---|---|---|
| a. $10 \times 10$ | $10^2$ | 100 |
| b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10$ | | |

**15. Bereken:**

**Voorbeeld:** $10^4 + 10^3$
$= 10\ 000 + 1\ 000$
$= 11\ 000$

a. $10^3 + 10^2 =$

b. $10^4 + 10^6 =$

**16. Bereken:**

**Voorbeeld:** $4 + 10^3$
$= 4 + 1\ 000$
$= 1\ 004$

a. $5 + 10^4 =$

b. $10^5 \times 9 =$

**17. Bereken:**

**Voorbeeld:** $2 \times 10^4 + 3 \times 10^5$
$= 2 \times 10\ 000 + 3 \times 100\ 000$
$= (2 \times 10\ 000) + (3 \times 100\ 000)$
$= 20\ 000 + 300\ 000$
$= 320\ 000$

a. $3 \times 10^3 + 4 \times 10^4 =$

b. $8 \times 10^4 + 3 \times 10^2 =$

**18. Bereken:**

**Voorbeeld:** $2 \times 10^4 + 3 \times 10^3 + 4 \times 10^5$
$= 2 \times 10\ 000 + 3 \times 1\ 000 + 4 \times 100\ 000$
$= (2 \times 10\ 000) + (3 \times 1\ 000) + (4 \times 100\ 000)$
$= 20\ 000 + 3\ 000 + 400\ 000$
$= 423\ 000$

a. $1 \times 10^2 + 8 \times 10^5 + 3 \times 10^6 =$

**19. Bereken:**

**Voorbeeld:** $2^2 + 2^3 = 4 + 8 = 12$

a. $2^2 + 12^2 =$

b. $4^2 + 10^2 =$

**20. Bereken:**

**Voorbeeld:** $2^2 + 3^3 + 4^2 = 4 + 27 + 16 = 47$

a. $2^2 + 4^3 + 3^2 =$

**21. Hoe vinnig kan jy die volgende bereken?**

a. $4^2 =$ ______________ b. $6^2$ ______________

**22. Bereken:**

**Voorbeeld:** $(12 - 9)^3$
$= (3)^3$
$= 27$

a. $(8 - 4)^3 =$

b. $(7 + 1)^2 =$

**23. Brei die getallesin uit en gebruik jou sakrekenaar om die antwoord te bereken.**

**Voorbeeld:** $18^4$
$= 18 \times 18 \times 18 \times 18$
$= 104\,976$

a. $22^3$

b. $81^2$

**24. Brei die getallesin uit:**

**Voorbeeld:** $m^4$
$= m \times m \times m \times m$

a. $x^5$

b. $7^7$

**Probleemoplossing**

Tel die kleinste kwadraatgetal en die kleinste derdemag wat groter as 100 is.

Skryf al die tweesyfer-vierkantsgetalle neer. Skryf al die driesyfer-derdemagsgetalle neer.

Skryf een biljoen in eksponensiale notasie.

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R4 Heelgetalle

**Wat is 'n heelgetal?**
Heelgetalle is die versameling positiewe en negatiewe natuurlike getalle (insluitend nul). 'n Getallelyn kan gebruik word om die versameling heelgetalle voor te stel.

–5 –4 –3 –2 –1 0 1 2 3 4 5

**Positiewe heelgetalle**

Natuurlike getalle groter as nul word positiewe heelgetalle genoem. Hierdie getalle is regs van nul op die getallelyn.

**Negatiewe heelgetalle**
Heelgetalle kleiner as nul word negatiewe heelgetalle genoem. Hierdie getalle is links van nul op die getallelyn.

**Nul**
Die heelgetal nul is neutraal. Dit is nie positief of negatief nie.

**Die teken**
Die teken van 'n heelgetal is óf positief (+)óf negatief (–), behalwe nul, wat nie 'n teken het nie. Twee heelgetalle is teenoorgesteldes van mekaar indien hul dieselfde afstand van nul is, maar aan verskillende kante van die getallelyn. Die een sal 'n positiewe teken hê en die ander 'n negatiewe teken. Op die getallelyn hieronder is +2 en –2 as teenoorgesteldes omkring.

–5 –4 –3 (–2) –1 0 1 (2) 3 4 5

**1. Voltooi die getallelyne.**

a. –1 0 1

b. –3 0 3

**2. Skryf 'n heelgetal om elke beskrywing voor te stel.**

a. 8 ene regs van –3 op 'n getallelyn. _______________

b. 16 regs van nul. _______________

c. 14 ene regs van –2 op 'n getallelyn. _______________

d. Die teenoorgestelde van –108. _______________

e. 15 links van nul. _______________

**3. Plaas die heelgetalle in volgorde van kleinste tot grootste.**

a. –41, 54, –31, –79, 57 ______________________________

b. 43, –54, 44, –55, –37, 22, 52, –39, –43, –56, 18 ______________________________

**4. Bereken die volgende: Gebruik die getallelyn om jou te lei.**

**Voorbeeld:** –4 + 2 = –2


–5 (–4) –3 –2 –1 0 1 2 3 4 5

a. –5 + 5 + = _____________ b. 10 – 12 = _____________

Kwartaal 1

**5. Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $-2 + 3 - 5 = -4$





a. $-6 + 8 - 7 =$ __________ b. $9 - 11 + 2 =$ __________

**6. Voltooi die volgende:**


a. Bepaal $-8 + (-3)$ b. Bepaal $3 + (-16)$

**7. Skryf 'n totaal vir:**

a.




b.




**8. Bereken die volgende:**

a. $4 + (-5) =$ b. $5 + (-7) =$ c. $-5 + (-7) =$

**9. Bereken die volgende:**

a. $2 - (-4) =$ b. $3 - (-6) =$ c. $5 - (-6) =$

**10. Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $11 + -23$
$= 11 - 23$
$= -12$

a. $33 + (-44) =$ b. $5 + (-43) =$ c. $-15 + (-20) =$

**11. Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $-14 - (-20)$
$= -14 + 20$
$= 6$

a. $-16 - 22 =$ b. $49 - (-19) =$ c. $47 - (-10) =$

**12. Los die volgende op:**

a. _____ $+ 24 = -11$ b. _____ $+ 10 = 33$ c. _____ $+ 49 = 18$

**Probleemoplossing**

Temperatuur is 'n lekker manier om positiewe en negatiewe heelgetalle te verduidelik. Verduidelik heelgetalle aan jou familie deur temperatuur te gebruik.

Teken:

Datum:

# R5a Gewone breuke

Kyk na hierdie voorbeelde en gee nog vyf voorbeelde van elk.

| Egte breuk | Onegte breuk | Gemengde getal |
|---|---|---|
| $\frac{3}{4}$ | $\frac{8}{3}$ | $1\frac{1}{2}$ |



'n Onegte breuk word 'n gemengde getal

$$\frac{8}{3} = 2\frac{2}{3}$$

'n Gemengde getal word 'n ongegte breuk

$$1\frac{1}{4} = \frac{5}{4}$$


**1. Watter ander breuk is gelyk aan: Teken 'n diagram om dit te wys.**

**Voorbeeld:** $\frac{1}{3} = \frac{2}{6}$  = 

a. $\frac{1}{2}$ = ____________  b. $\frac{1}{7}$ = ____________

**2. Skryf die volgende of vorige ekwivalente breuk vir:**

**Voorbeeld:** $\frac{1}{3} = \frac{2}{6}$





a. ____________ $= \frac{2}{5}$

b. ____________ $= \frac{8}{10}$

**3. Skryf drie ekwivalente breuke vir: Maak 'n skets.**

**Voorbeeld:** $1\frac{1}{3} = 1\frac{2}{6} = 1\frac{3}{9} = 1\frac{4}{12}$



a. $1\frac{1}{2}$ ____________

b. $3\frac{2}{5}$ ____________

Wat het met die noemers en tellers gebeur? Begin altyd met die gegewe getal.

$$1 + \left[\frac{1}{3}\begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix}\right] = 1\frac{2}{6}$$

$$1 + \left[\frac{1}{3}\begin{matrix}\times 3\\ \times 3\end{matrix}\right] = 1\frac{3}{9}$$

$$1 + \left[\frac{1}{3}\begin{matrix}\times 4\\ \times 4\end{matrix}\right] = 1\frac{4}{12}$$

Kwartaal 1

## 4. Wat is die grootste gemene faktor?

**Voorbeeld:**

**Grootste gemene faktor (GGF)**

Faktore van 4 = {1, 2, 4}

Faktore van 6 = {1, 2, 3, 6}

GGF = 2

Dus is 2 die grootste getal wat in 4 en 6 kan deel.

a. Faktore van 3:
Faktore van 4:

b. Faktore van 5:
Faktore van 10:

## 5. Skryf in die eenvoudigste vorm.

**Voorbeeld:** $\frac{12}{16}$

$= \frac{12}{16} \div \frac{4}{4}$

$= \frac{3}{4}$

GGF:
Faktore van 12: {1, 2, 3, (4), 6, 12}
Faktore van 16: {1, 2, (4), 8, 16}

a. $\frac{6}{18}$

b. $\frac{5}{25}$

## 6. Tel die twee breuke op, skryf dit as 'n gemengde getal en vereenvoudig indien nodig.

**Voorbeeld:** $\frac{1}{3} + \frac{4}{3}$

$= \frac{5}{3}$

$= 1\frac{2}{3}$

Onthou wanneer ons breuke optel moet die noemers dieselfde wees.

a. $\frac{2}{5} + \frac{4}{5}$

b. $\frac{5}{9} + \frac{6}{9}$

## 7. Bereken en vereenvoudig indien nodig.

**Voorbeeld:** $\frac{1 \times 2}{2 \times 2} + \frac{1}{4}$

$= \frac{2}{4} + \frac{1}{4}$

$= \frac{3}{4}$

Onthou wanneer ons breuke optel moet die noemers dieselfde wees.

Om dit te doen, kan ons die KGV (Kleinste gemene veelvoud) kry.

Veelvoude van 2 = { 2, (4), 6, 8, …}
Veelvoude van 4 = {(4), 8, 12, 16, …}

… of in hierdie geval is die noemers veelvoude van mekaar.



2 is 'n veelvoud van 4. Kyk aan die linkerkant hoe ons dit doen.

a. $\frac{1}{4} + \frac{1}{2} =$

b. $\frac{1}{5} + \frac{1}{10} =$

Teken:

Datum:

vervolg ☛

# Gewone breuke vervolg





**8. Tel die twee breuke op. Vermenigvuldig die twee breuke.**

**Voorbeeld:** $\frac{1}{2}, \frac{1}{3}$

**Optelling**

$\frac{1}{2} + \frac{1}{3}$

KGV = 6

$\frac{3}{6} + \frac{2}{6}$

$= \frac{5}{6}$

**Vermenigvuldiging**

$\frac{1}{2} \times \frac{1}{3}$

$= \frac{1}{6}$



Ek sien dat wanneer ek eenheidsbreuke vermenigvuldig, word die antwoord kleiner, maar wanneer ek positiewe heelgetalle vermenigvuldig word die getal groter.



Dit is waar. Dink daaraan, as jy 'n sespak-vrugtesap met 2 vermenigvuldig, kry jy 12. Maar as jy die helfte ($\frac{1}{2}$) van die sespak ($\frac{6}{1}$) neem is dit 3.

a. $\frac{1}{2}, \frac{1}{12} =$

b. $\frac{1}{2}, \frac{1}{11} =$

**9. Bereken:**

**Voorbeeld:** $\frac{1}{2} \times \frac{1}{3} \times \frac{1}{4}$

$= \frac{1}{24}$

a. $\frac{1}{3} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{2} =$

b. $\frac{1}{2} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{9} =$

**10. Bereken en vereenvoudig:**

**Voorbeeld 1:** $\frac{6}{7} \times \frac{5}{7}$

$= \frac{30}{49}$

**Voorbeeld 2:** $\frac{6}{7} \times \frac{5}{6}$

$= \frac{30}{42} \div \frac{6}{6} = \frac{5}{7}$

a. $\frac{7}{8} \times \frac{2}{4} =$

**11. Skryf verskillende somme neer wat hierdie antwoorde sal gee. Gee almal. Noem watter breuke jy met mekaar vermenigvuldig.**

**Voorbeeld:** ____ × ____ $= \frac{12}{18}$

$\frac{3}{3} = 1$

$\frac{3}{3} \times \frac{4}{6} = \frac{12}{18}$

'n Natuurlike getal × 'n egte breuk.

$\frac{2}{6} \times \frac{6}{3} = \frac{12}{18}$

'n Egte breuk × 'n onegte breuk.

a. ____ × ____ $= \frac{2}{4}$

b. ____ × ____ $= \frac{8}{4}$

## 12. Bereken en vereenvoudig:

**Voorbeeld:** $8 \times \frac{1}{4}$

$= \frac{8}{1} \times \frac{1}{4}$

$= \frac{8}{4}$

$= \frac{8}{4} \div \frac{4}{4} = \frac{2}{2} = 2$

$= \frac{8}{4}$
$= 8 \div 4$
$= 2$

a. $2 \times \frac{3}{5} =$

b. $4 \times \frac{5}{6} =$

## 13. Watter natuurlike getal en breuk sal vir jou die volgende antwoord gee?

**Voorbeeld:** ____ × ____ = $\frac{2}{3}$

$\frac{2}{1} \times \frac{1}{3}$

$= 2 \times \frac{1}{3}$

a. ____ × ____ = $\frac{7}{21}$

## 14. Vereenvoudig die volgende:

**Voorbeeld:** $\frac{15}{20}$

$= \frac{15}{20} \div \frac{5}{5}$

$= \frac{3}{4}$

a. $\frac{4}{12}$

b. $\frac{8}{16}$

## 15. Vermenigvuldig en vereenvoudig die antwoord indien moontlik.

**Voorbeeld:** $\frac{1}{3} \times \frac{3}{4}$

$\frac{3}{12} = \frac{3}{12} \div \frac{3}{3}$

$= \frac{1}{4}$

a. $\frac{1}{2} \times \frac{4}{8} =$

b. $\frac{1}{2} \times \frac{2}{7} =$

### Probleemoplossing

Noem vyf breuke wat tussen een vyfde en vier vyfdes is.

Wat is $\frac{1}{8} + \frac{3}{8}$ in sy eenvoudigste vorm?

Wat is $\frac{3}{9} \times \frac{3}{4}$ in sy eenvoudigste vorm?

Kan twee eenheidsbreuke jou 'n eenheidsbreuk gee as jy:
- dit optel?
- dit vermenigvuldig?

As die antwoord $\frac{42}{72}$ is, watter twee breuke is met mekaar vermenigvuldig?

As ____ (natuurlike getal) × ____ (breuk) = $\frac{24}{36}$, hoeveel moontlike oplossings is daar vir hierdie som?

Vermenigvuldig enige twee onegte breuke en vereenvoudig jou antwoord indien nodig.

Teken:

Datum:




15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

Hersiening

# R6a Persentasies en desimale breuke

**Kyk na die volgende. Wat beteken dit?**



$\frac{47}{100} = 0{,}47 = 47\%$

**Waar in die daaglikse lewe gebruik ons:**

- Desimale breuke?
- Persentasies?

**1. Skryf die volgende persentasie as 'n breuk en 'n desimale breuk.**

**Voorbeeld:** 18% of $\frac{18}{100}$ of 0,18

a. 37%

b. 83%

**2. Bereken**

**Voorbeeld:** 40% van R40

$= \frac{40}{100} \times \frac{R40}{1}$

$= \frac{R1600}{100}$

**= R16**

a. 20% van R24

b. 70% van R15

**3. Bereken**

**Voorbeeld:**

$\frac{60}{100} \times \frac{R300}{1}$

$= \frac{3}{5} \times \frac{R300}{1}$

$= \frac{R900}{5}$

**= R180**



Ek kan 60% as $\frac{60}{100}$ skryf.



$\frac{60}{100}$ vereenvoudig is $\frac{6}{10} = \frac{3}{5}$



Jy kan 'n sakrekenaar gebruik.

a. 80% van R1,60

b. 24% van R72

Kwartaal 1

**4. Bereken die persentasie *vermeerdering*:**

**Voorbeeld:**
Bereken die persentasie vermeerdering as 'n buskaartjie se prys van R60 na R84 vermeerder word.

$\frac{24}{60} \times \frac{100}{1}\%$

$= \frac{2400}{60}\%$

**= 40**

∴ 'n vermeerdering van 40%

Ons moet eers weet met hoeveel die buskaartjie vermeerder is. Dit is vermeerder met R24 omdat R84 minus R60, R24 is.

Die prys is vermeerder met R24 en die oorspronklike prys was R60. Dus is die breuk van die prys verhoging van die oorspronklike prys $\frac{24}{60}$.

Om dan die persentasie-vermeerdering uit te werk moet ons $\frac{24}{60}$ met 100 vermenigvuldig.

a. R80 tot R96

Prysvermeerdering: ________

**5. Bereken die persentasie *afname*.**

**Voorbeeld:**
Bereken die persentasie afname as die prys van brandstof van 20 sent 'n liter tot 18 sent daal. Die bedrag van die afname is 2 sent.

$\frac{2}{20} \times \frac{100}{1}\%$

$= \frac{200}{20}\%$

**= 10**

∴ 'n afname van 10%

Ons moet eers sê met hoeveel die brandstofprys gedaal het.

Dit het met 2c gedaal omdat 18c + 2c jou 20c gee.

Om dan die **persentasie afname** te bereken moet ons $\frac{2}{20}$ met 100 (persentasie) vermenigvuldig.

Die prys het gedaal met $\frac{2}{20}$.

b. R50 van R46

Prysafname: ________

**6. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:**

**Voorbeeld:** 6,745
= 6 + 0,7 + 0,04 + 0,005

a. 3,983 ____________ b. 8,478 ____________

**7. Skryf die volgende in woorde:**

**Voorbeeld:** 5,854
= 5 ene + 8 tiendes + 5 honderdstes + 4 duisendstes

Wat is die verskil tussen 5 ene en 5 honderdstes?

a. 9,764 ____________________________________________

b. 7,372 ____________________________________________

**8. Skryf die waarde van die onderstreepte syfer neer:**

**Voorbeeld:** 9,6<u>9</u>4
= 0,09 of 9 honderdstes

a. 8,<u>3</u>78 ____________ b. 4,3<u>2</u> ____________

**9. Skryf as 'n desimale breuk:**

**Voorbeeld:** $\frac{40}{100}$
= 0,4

a. $\frac{6}{10}$ [ ] b. $\frac{7}{10}$ [ ]

vervolg ☛

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R6b

# Persentasies en desimale breuke
## vervolg

Kwartaal 1

**10. Skryf as 'n desimale breuk:**

**Voorbeeld:** $\frac{73}{100}$ = 0,73

a. $\frac{45}{100}$ ☐  b. $\frac{76}{100}$ ☐

**11. Skryf as 'n desimale breuk:**

**Voorbeeld:** $\frac{85}{10}$ = 8,5

a. $\frac{36}{10}$ ☐  b. $\frac{6\,705}{100}$ ☐

**12. Skryf as 'n gewone breuk:**

**Voorbeeld:** 4,3 $\frac{43}{10}$

a. 9,5 ☐  b. 15,15 ☐

**13. Skryf die volgende as 'n desimale breuk.**


**Voorbeeld:** $\frac{2}{5} = \frac{4}{10} = 0{,}4$
$\frac{1}{25} = \frac{4}{100} = 0{,}04$

a. $\frac{1}{5}$ ☐  b. $\frac{1}{4}$ ☐

Benaderingsimbool is ≈.

**14. Rond af tot die naaste ene:**


**Voorbeeld:** 6,7 ≈ 7




a. 5,1 __________
b. 14,8 __________

**15. Rond af tot die naaste tiende:**

**Voorbeeld:** 3,745 ≈ 3,7




a. 6,14 __________
b. 3,578 __________

**16. Bereken deur albei metodes in die voorbeeld te gebruik.**

**Voorbeeld:**

**Metode 1:** 2,37 + 4,53
= (2 + 4) + (0,3 + 0,5) + (0,07 + 0,03)
= 6 + 0,8 + 0,1
= 6,9

**Metode 2:**
  2,37
+ 4,53
  6,90

Maak seker dat die desimale kommas onder mekaar is.

Let daarop dat 6,9 en 6,90 dieselfde is.



a. 6,89 + 3,67 = ☐

b. 4,694 + 3,578 = ☐

Jy kan jou antwoord toets deur die omgekeerde bewerking van optel, naamlik aftrek te gebruik.



0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15

17. **Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.**

**Voorbeeld 1:**

- 0,2 × 0,3 = 0,06
- 0,02 × 0,3 = 0,006
- 0,002 × 0,3 = 0,0006

Sien jy die patroon? Beskryf dit.

a. 0,4 × 0,2 = ____________

b. 0,3 × 0,1 = ____________

18. **Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.**

**Voorbeeld 1:** 0,3 × 0,2 × 100
= 0,06 × 100
= 6

**Voorbeeld 2:** 0,3 × 0,2 × 10
= 0,06 × 10
= 0,6

a. 0,4 × 0,2 × 10 =

b. 0,5 × 0,02 × 10 =

19. **Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.**

**Voorbeeld 1:** 5,276 × 30
= (5 × 30) + (0,2 × 30) + (0,07 × 30) + (0,006 × 30)
= 150 + 6 + 2,1 + 0,18
= 150 + 6 + 2 + 0,1 + 0,1 + 0,08
= 158 + 0,2 + 0,08
= 158,28


a. 1,123 × 10 =

b. 4,886 × 30 =

20. **Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** 0,4 ÷ 2
= 0,2

0,2 afgerond tot die naaste natuurlike getal is 0.





a. 0,8 ÷ 4 = __________ b. 0,6 ÷ 3 = __________

21. **Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** 0,25 ÷ 5
= 0,05

0,05 afgerond tot die naaste tiende is 0,1.




a. 0,81 ÷ 9 = __________ b. 0,85 ÷ 5 = __________

**Probleemoplossing**

Vermenigvuldig die getal wat presies tussen 2,25 en 2,26 is met die getal wat gelyk is aan tien maal drie.

Jy benodig nege gelyk stukke van 'n tou wat 54,9 m lank is. Hoe lank sal elke stuk wees?

My ma het 32,4 m tou gekoop. Sy moet dit in vier dele verdeel. Hoe lank sal elke stuk wees?

Teken:

Datum:




15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R7 Inset en uitset



**Teken die ontbrekende pyltjies in die vloeidiagram en vul die uitsetwaardes in.**




Die reël is × 9.

Gebruik die vloeidiagram aan die linkerkant. Wat sal die uitset wees as die **reël**:

- × 5 is?
- × 7 is?
- × 8 is?
- × 4 is?
- × 12 is?




Verduidelik die woorde:


Inset

Uitset

Reël


**1. Gebruik die gegewe reël om die waarde van $b$ te bereken.**

**Voorbeeld:**




As $c = 5$
$b = a \times 5$
dus:


- 3 × 5 = 15
- 2 × 5 = 10
- 5 × 5 = 25
- 7 × 5 = 35
- 4 × 5 = 20




Die reël is ________.

**2. Voltooi die vloeidiagramme. Wys al jou berekeninge.**

**Voorbeeld:**




***a*** is die inset,

***b*** is die uitset,

***b* = *a*** × 2 + 4 is die reël.

$b = 4 \times 2 + 4 = 12$


$b = 6 \times 2 + 4 = 16$

$b = 7 \times 2 + 4 = 18$

$b = 8 \times 2 + 4 = 20$


$b = 9 \times 2 + 4 = 22$

a.




Die reël is ______.

b.




Die reël is ______.

**3. Voltooi die tabel.**

**Voorbeeld:** $x = y + 2$

| $y$ | 2 | 4 | 6 | 8 | 10 | 20 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $x$ | 4 | 6 | 8 | 10 | 12 | 22 |

| | |
|---|---|
| $x = 2 + 2$<br>$x = 4$ | $x = 4 + 2$<br>$x = 6$ |
| $x = 6 + 2$<br>$x = 8$ | $x = 8 + 2$<br>$x = 10$ |
| $x = 10 + 2$<br>$x = 12$ | $x = 20 + 2$<br>$x = 22$ |

$a = b + 9$

| $b$ | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $a$ | | | | | | |

**4. Los vir $m$ en $n$ op.**

**Voorbeeld:**

| $x$ | 1 | 2 | 3 | 4 | | 14 | $m$ | 25 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | 6 | 7 | 8 | 9 | | 19 | 22 | $n$ |

Bepaal die reël:
Bv. $y = x + 5$

***n?***
$y = x + 5$
$y = 25 + 5$
$y = 30$
$n$ is 30

***m?***
$x = m$ en $y = 22$
$y = x + 5$
$22 = m + 5$
$22 - 5 = m + 5 - 5$
$17 = m$
$m = 17$

| $x$ | 1 | 2 | 3 | 4 | | 25 | $m$ | 51 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | 10 | 11 | 12 | 13 | | $n$ | 39 | 60 |

***n?***

***m?***

Reël:

**Probleemoplossing**

Teken 'n vloeidiagram waar $x = y + 9$.

Teken 'n vloeidiagram waar $x = y \times 4 + 8$.

As $x = 2y + 4$ en $y = 2, 3, 4, 5, 6$. Teken 'n tabel om dit te wys.

Wat is die 10de term in die patroon? 2 x 11, 3 x 11, 4 x 11, ...

Teken:

Datum:




15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R8a Algebraïese uitdrukkings en vergelykings



**Hersien die volgende:**




Sê of dit 'n uitdrukking of 'n vergelyking is.

| |
|---|
| $x + 23 = 45$ |
| $x + 23$ |

**1. Sê of dit 'n uitdrukking of 'n vergelyking is.**

**Voorbeeld:** 8 + 3 (Dit is 'n uitdrukking.)
8 + 3 = 11 (Dit is 'n vergelyking.)

a. 9 + 7 = 16 ______

b. 7 + 6 ______

c. 3 + 5 = 8 ______

d. 11 + 2 ______

**2. Beskryf die volgende.**

**Voorbeeld: 6 + 3 = 9**
6 + 3 is 'n **uitdrukking**, wat gelyk is aan die waarde aan die regterkant, 9.
6 + 3 = 9 word 'n **vergelyking** genoem. Die linkerkant van 'n vergelyking is gelyk aan die regterkant.

a. 12 + 5 = 17

b. 9 + 8 = 17

**3. Beskryf die volgende in woorde.**

**Voorbeeld:** 4, 8, 12, 16, 20, …
Tel 4 by die vorige term.

a. 2, 5, 8, 11 …

b. 11, 20, 29, 38 ...

**4. Skryf 'n uitdrukking vir die $n^{de}$ term van elke ry neer:**

**Voorbeeld:** 5, 9, 13, 17, 21 … Uitdrukking of reël: $4(n) + 1$

| **Posisie in ry** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | $n$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term** | 5 | 9 | 13 | 17 | 21 | $4(n) + 1$ |

a. 6, 11, 16, 21 ...

b. 7, 13, 19, 25 ...

**5. Wat beteken die reël?**

**Voorbeeld:** Die reël $2n - 1$ beteken vir die volgende getallery: 1, 3, 5, 7, 9 …

| **Posisie in ry** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | $n$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term** | 1 | 3 | 5 | 7 | 9 | |

Die reël $6n - 2$ beteken vir die volgende getallery: 4; 10; 16; 22; …

| **Posisie in ry** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term** | | | | | | |

Teken:

Datum:

vervolg ☛

# Algebraïese uitdrukkings en vergelykings

vervolg



**6. Los $x$ op.**

**Voorbeeld 1:** $x + 5 = 9$

$x + 5 - 5 = 9 - 5$

$x = 4$

a. $x + 18 = 26$

b. $x + 6 = 12$

**Voorbeeld 2:** $x - 5 = 2$

$x - 5 + 5 = 2 + 5$

$x = 7$

c. $x - 15 = 12$

d. $x - 28 = 13$

**Voorbeeld 3:** $x + 4 = -7$

$x + 4 - 4 = -7 - 4$

$x = -11$

e. $x + 7 = -12$

f. $x + 24 = -34$

**7. Los $x$ op.**

**Voorbeeld:** $5x = 20$

$\frac{5x}{5} = \frac{20}{5}$

$x = 4$

a. $6x = 72$

b. $7x = 84$

**8. Los $x$ op.**

**Voorbeeld:** $2x - 1 = 8$

$2x - 1 + 1 = 8 + 1$

$2x = 9$

$\frac{2x}{2} = \frac{9}{2}$

$x = 4\frac{1}{2}$

a. $5x - 6 = 18$

b. $3x + 4 = -5$

**9. Vervang.**

**Voorbeeld:** As $y = x^2 + 2$,
bereken $y$ wanneer $x = 4$

$y = 4^2 + 2$

$= 16 + 2$

$= 18$

Toets

$y = x^2 + 1$

$18 = 4^2 + 2$

$18 = 16 + 2$

$18 = 18$

a. $y = p^2 + 7$; $p = 8$

b. $y = c^2 + 4$; $c = 8$

Teken:

Datum:

**Probleemoplossing**


Skryf vyf verskillende vergelykings waar $x$ gelyk aan 5 sal wees.

# R9 Grafieke



DEFINISIE

'n Lyngrafiek gebruik punte wat deur lyne verbind is om te toon hoe iets in waarde verander (soos wat tyd verloop, of soos wat iets anders gebeur).




**1. Kyk na die grafiek en beantwoord die volgende vrae.**

a. Wat is die titel van die grafiek? ______________________________

b. Wat sê die x-as vir ons? ______________________________

c. Wat sê die y-as vir ons? ______________________________

d. Wat sê hierdie grafiek vir ons? ______________________________

e. Wat kan jy by die woord "temperatuur" op die y-as voeg? ______________________________

f. Wat was die temperatuur:

i. Sondag? __________

ii. Maandag? __________

iii. Woensdag? __________

g. Identifiseer die roosterlyne op die grafiek wat jou gehelp het om die vorige vraag te beantwoord? ______________________________

h. Kyk na die temperature op Sondag en Maandag. Wat let jy op?


______________________________

i. Wat het (met die temparatuur) van Woensdag tot Donderdag gebeur?

______________________________

2. **Kyk na die grafiek en etikiteer dit.**

titel | x-as | y-as | punte | roosterlyne




3. **Vul die ontbrekende woorde in (lyne, titel, byskrif, vertikale skaal, punte of stippels, horisontale skaal).**

a. Die __________ van die grafiek sê vir ons waarmee die grafiek te make het.

b. Die horisontale __________ oor die onderste en die vertikale __________ langs die kant vertel vir ons watter soort feite gelys word.

c. Die ____________________ oor die onderste en die ____________________ langs die kant vertel ons hoeveel of wat.

d. Die __________ op die grafiek wys ons die feite.

e. Die __________ wat die punte verbind gee skattings van die waardes tussen die punte.

**Probleemoplossing**

Soek 'n grafiek in 'n koerant en plot vyf punte op die grafiek.

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R10 Finansiële wiskunde



**Kan jy die betekenis van die volgende onthou?**

DEFINISIE

**Profyt** is die surplus wat oorbly nadat totale onkoste van totale inkomste afgetrek.
**Verlies** is die bedrag waarmee die uitgawes die inkomste oorskry.
**Afslag** is die bedrag wat afgetrek word van die vraprys voor betaling.

'n **Begroting** is die beraming van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode. 'n Begroting is soos 'n skaal waarop jy jou inkomste en jou uitgawes probeer balanseer.
Belangrik: Jou inkomste moet altyd meer as jou uitgawes wees.

'n **Lening** is 'n bedrag geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of maatskappy leen met die doel om profyt te maak wanneer die geld terugbetaal word.

**Rente** is die bedrag wat die persoon wat die geld uitleen vra om die geleende geld te gebruik. Dit word gewoonlik uitgedruk as 'n persentasie per jaar van die geleende bedrag, ook genoem die rentekoers.

**1. Maak jy 'n wins of ly jy verlies? Hoeveel? Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.**

a. Jy koop roomys vir R4,50 elk en verkoop hulle vir R6,00 elk. Jy maak 'n wins/ly verlies van ______________ (bedrag) per roomys.

b. Jy het 150 potlode vir R1,00 elk gekoop en hulle vir R1,35 elk verkoop. Jy moes jou ma R60 vir vervoerkoste gee. Jy maak profyt/ly verlies van ___________ (bedrag).

**Profyt** kan deur verskillende metodes bereken word. Normaalweg as ons van 10% profyt praat bereken ons dit op die kosprys. Ons noem dit soms ook 'n 10% winsgrens.

**Voorbeeld:** As my tennisraket R400 kos en ek wil dit verkoop en 10% wins maak, moet ek dit vir R440 verkoop.

R400 + (R400 × 10%) = R440

**2. Beantwoord die volgende vrae oor profyt:**

a. Jy koop lekkers teen 80c elk en jy wil 25% profyt maak. Vir hoeveel moet jy hulle verkoop? ___________ (bedrag).

b. Jy koop lekkers in groot pakke van 100 vir R25,50 per pak. Jy verkoop die lekkers aan jou vriende teen 50c per lekker. As hulle 10 lekkers of meer op 'n slag koop, gee jy hulle 20% afslag. Tydens die eerste pouse verkoop jy 40 los lekkers en 20 lekkers teen die afslagprys. Wat sal jou profyt wees op die lekkers wat jy verkoop het? ______________ (bedrag).

**Spandeer minder as wat jy verdien!**

Om 'n begroting uit te werk, is een van die belangrikste stappe om jou geld te beheer.
Die eerste reël van 'n begroting is: **Spandeer minder as wat jy verdien**!
**Voorbeeld**: Indien jy per maand 'n toelaag (sakgeld) van R100 kry en nog R40 vir jou verjaarsdag, kan jy nie meer as R140 daardie maand spandeer nie.

**Netto inkomste** is wat oorbly nadat al die koste van die totale inkomste afgetrek is. Indien die koste of uitgawes die inkomste oortref, noem ons dit 'n **tekort**.

**3. Hou tred met jou begroting.**
Gebruik die voorbeeld hieronder om 'n begroting in jou skryfboek op te stel. Maak seker dat jy 'n netto wins toon.

| Inkomste | Geraamde bedrag | Werklike bedrag | Verskil |
|---|---|---|---|
| | | | |
| Geskatte totale inkomste | | | |
| Uitgawe | | | |
| | | | |
| Geskatte totale uitgawes | | | |
| Netto-inkomste | | | |

Wanneer iemand geld van iemand anders leen, betaal die persoon wat die geld leen gewoonlik geld aan die persoon van wie hy of sy leen. Hierdie geld word 'rente', '**enkelvoudige**' rente, of '**vaste koers**' genoem. Die bedrag eenvoudige rente wat elke jaar betaal word, is 'n vaste persentasie van die bedrag wat aan die begin geleen is.
Die formule van enkelvoudige rente is as volg:
Rente = Kapitaal × Koers × Tyd waar:
'**Rente**' is die totale bedrag rente wat betaal is,
'**Kapitaal**' is die bedrag wat geleen is,
'**Koers**' is die persentasie van die kapitaal wat per jaar as rente gevra word.
**'Tyd'** is die tyd in jare waarin die lening moet terugbetaal word.

4. Ek het R10 000 van die bank geleen en hulle vra my 10% rente per jaar. Die totale bedrag wat ek moes terugbetaal was R15 000. Vir hoe lank was die lening?

**Deel**

Maak aantekeninge van die belangrike finansiële wenke wat jy geleer het, en deel dit met 'n lid van jou familie.

Teken:
Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R11a Meetkundige figure



**Simbole wat jy moet hersien of leer:**

| Driehoek | Hoek | Loodreg | Parallel | Grade | Regte hoek |
|---|---|---|---|---|---|
| $\triangle$ | $\angle$ | $\perp$ | $\parallel$ of $//$ | $^\circ$ | $\llcorner$ |
| **Lynsegment** | **Lyn** | **Halflyn (Straal)** | **Kongruent** | **Gelyksoortig** | **Dus** |
| $\overline{AB}$ | $\overleftrightarrow{AB}$ | $\overrightarrow{AB}$ | $\cong$ | $\sim$ | $\therefore$ |

**Meetkundige figure om te onthou:**

**Meetkundige figure**

| Driehoeke | Vierhoeke | Nog veelhoeke |
|---|---|---|
| Gelyksydige driehoek | Parallelogram | Pentagoon (vyfhoek) |
| Gelykbenige driehoek | Reghoek | Heksagoon (seshoek) |
| Ongelyksydige driehoek | Vierkant | Heptagoon (sewehoek) |
| | Ruit (rombus) | Oktagoon (agthoek) |
| | Trapesium | Nonagoon (negehoek) |
| | Vlieër | Dekagoon (tienhoek), ens. |

Hierdie is ook veelhoeke.

DEFINISIE: 'n Poligoon (veelhoek) is 'n gewone vorm wat heeltemal deur drie of meer reguit kante omring word.

**Hoeke om te onthou:**

**Skerphoek**: 'n Hoek wat minder as 90° is.

**Regte hoek**: 'n Hoek van 90°.


**Stomphoek**: 'n Hoek wat groter as 90° is, maar minder as 180°.

**Gestrekte hoek**: 'n Hoek wat presies 180° is.


**Inspringende hoek**: 'n Hoek wat groter as 180° is.

1. **Meet elke hoek.** (Jy moet dalk die lyne (strale) verleng, afhangend van die grootte van jou gradeboog.)


a.




b.



c.



d.



2. **Teken 'n hoek:**

a. Kleiner as 90 grade.
Skat die grootte van die hoek en meet dit daarna.

b. Groter as 90 grade.
Skat die grootte van die hoek en meet dit daarna.

3. **Gebruik 'n liniaal en 'n gradeboog om 'n 60° hoek ABC te teken. Skryf die stappe wat jy volg neer.**

Teken:

Datum:

vervolg ☛


# R11b Meetkundige figure vervolg



**4. Gebruik 'n passer en volg die stappe om 'n lyn CD loodreg op albei kante van 'n lyn AB te trek. Benoem die lyne.**

**5. Benoem die sirkel.**

a. Gebruik die volgende woorde: koord, diameter, radius en middelpunt.



b. Trek 'n sirkel met 'n middellyn van 2,3 cm.

**6. Konstueer 'n gelyksydige, gelykbenige en ongelyksydige driehoek. Benoem elke driehoek.**

a.

b.

c.

7. **Konstrueer 'n parallelogram, reghoek, vierkant, ruit (rombus), trapesium en vlieër. Benoem elke diagram.**

a.

b.

c.

d.

e.

f.

8. **Hoe weet jy of driehoeke kongruent of gelykvormig is?**

a. Kongruent:

b. Gelykvormig:

**Probleemoplossing**

Die algemeenste hoek wat ons in die alledaagse lewe kry is 'n hoek van 90°. Noem ten minste vyf voorbeelde uit die alledaagse lewe van hoeke kleiner as 90°. Maak sketse om jou antwoord te wys.

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30


# R12 Transformasies



**Kyk na die transformasies en beskryf dit.**


**Transformasie**: om iets te transformeer beteken om dit op die een of ander manier te verander. 'n Transformasie is wat die verandering veroorsaak. Daar is baie soorte meetkundige transformasies, wat wissel van translasie, rotasies, refleksies en vergrotings.

**Translasie**: 'n translasie is die beweging van 'n voorwerp na 'n nuwe posisie sonder dat sy vorm, grootte of oriëntasie verander.




Wanneer 'n vorm transformeer deur in 'n nuwe posisie te skuif sonder om te draai, word dit translasie genoem.

**Rotasie:** 'n rotasie is 'n transformasie wat punte beweeg sodat hulle dieselfde afstand van 'n vaste punt, die draaipunt, bly.





**Rotasie-simmetrie**
'n Figuur het rotasie-simmetrie as die vorm van die draaifiguur ooreenstem met sy oorspronklike vorm.


**Simmetrie-orde**
Dit is die aantal kere wat 'n vorm op die oorspronklike pas in een volle rotasie.



**Refleksie:** 'n refleksie is 'n transformasie wat dieselfde uitwerking as 'n spieël het.





**Reflektiewe simmetrie**
'n Voorwerp is simmetries wanneer een helfte die spieëlbeeld van die ander helfte is.




**1. Beskryf elke refleksie. Die woorde hieronder sal jou dalk help.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Spieëlbeeld | Vorm | Oorspronklike vorm | Refleksielyn | Vertikaal | Horisontaal |

a. 


b. 

c. 


**2. Beskryf elke rotasie. Die woorde hieronder sal jou dalk help.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Roteer | Kloksgewys | Anti-kloksgewys | Draaipunt | Grade | Horisontaal |


a.



b.




c.




**3. Beskryf elke translasie. Die woorde hieronder sal jou help.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gly | Links | Regs | Op | Af | Posisie |


a.




b.



c.



**4. Vul die antwoorde in:**




**Oranje reghoek:**

a. Die lengte = ____

b. Die wydte = ____

**Blou reghoek:**

c. Die lengte = ____

d. Die wydte = ____

e. Die blou reghoek is die oranje reghoek ____ keer vergroot.

Teken:

Datum:


**Probleemoplossing**

Soek getransleerde (geskuifde), geroteerde en gereflekteerde patrone in die natuur en verduidelik dit in woorde.


# R13 Meetkunde




Hoekom word hierdie prismas genoem?




Hoekom word hierdie piramides genoem?






1. Benoem die volgende. Gebruik hierdie woorde: vlak, kant en verteks.

a.




b.



2. Vergelyk meetkundige figure en vaste liggaam.

3. Beskryf die net van hierdie meetkundige liggaam.






a. Benoem die meetkundige liggaam.

b. Identifiseer en tel die vlakke.

c. Identifiseer en tel die vertekse en kante.

Euler se formule

4. **Voltooi die tabel:**

| | Vaste liggaam | Hoekpunte | Kante | Vlakke | Formule V – E + F |
|---|---|---|---|---|---|
| a. Driehoekige prisma |  | 6 | 9 | 5 | 6 – 9 + 5 = 2 |
| b. Reghoekige prisma |  | | | | |
| c. Pentagoniese (vyfhoekige) prisma |  | | | | |
| d. Heksagoniese (seshoekige) prisma |  | | | | |
| e. Oktagoniese (agthoekige) prisma |  | | | | |
| f. Driehoekige piramide |  | | | | |
| g. Vierkantige piramide |  | | | | |
| h. Pentagoniese (vyfhoekige) piramide |  | | | | |
| i. Heksagoniese (seshoekige) piramide |  | | | | |
| j. Oktagoniese (agthoekige) piramide |  | | | | |

**Probleemoplossing**

Watter meetkundige voorwerpe sien jy die meeste in die alledaagse lewe?

Teken:

Datum:

# R14 Omtrek en oppervlakte



**Hersien:**

Omtrek van 'n reghoek: 2 *l* + 2 b

Oppervlakte van 'n reghoek: *l* × b

Omtrek van 'n vierkant: 4 *l*

Oppervlakte van 'n vierkant: *l* × *l*

Die oppervlakte van 'n driehoek is: $\frac{1}{2}$ b × h

1 cm = 10 mm
1 cm × 1 cm = 1 $cm^2$ = 100 $mm^2$ (10 mm × 10 mm)

1 m = 1 000 mm
1 m × 1 m = 1 $m^2$ = 1 000 000 $mm^2$ (1 000 mm × 1 000 mm)

1 km = 1 000 m
1 km × 1 km = 1 $km^2$ = 1 000 000 $m^2$ (1 000 m × 1 000 m)


**1. Bereken die omtrek en die oppervlakte van die volgende veelhoeke:**


**Voorbeeld van 'n reghoek:**


**Omtrek**
Verdubbel 4,5 cm + verdubbel 3,2 cm
(2 × 4,5 cm) + (2 × 3,2 cm)
= 9 cm + 6,4 cm
= 15,4 cm

**Verdubbel 4,5 cm is dieselfde as 2 × 4,5**

**Oppervlakte**
4,5 cm × 3,2 cm
= 14 $cm^2$

a.



b.



c.




| Oppervlakte: | Oppervlakte: | Oppervlakte: |
|---|---|---|
| Omtrek: | Omtrek: | |

**2. Teken die driehoek en bereken dan die oppervlakte.**

Hoogte 3 cm
Basis 5 cm

| Skets | Oppervlakte |
|---|---|
| | |

**3. Meet die driehoek en bereken die oppervlakte in mm² en cm².**



**4. Werk die oppervlakte uit en gee jou antwoorde in m², cm² en mm².**

**Voorbeeld: Lengte = 2m, breedte = 1m**

| | | |
|---|---|---|
| $l \times b$ | $l \times b$ | $l \times b$ |
| = 2 m × 1 m | = 200 cm × 100 cm | = 2 000 mm × 1000 mm |
| = 2 $m^2$ | = 20 000 $cm^2$ | = 200 000 $mm^2$ |

2 m



1 m

5 m



3 m

*a. In m²*   *b. In cm²*   *c. In mm²*

**5. As die oppervlakte 64 000 000 mm² is, wat is die lengte en breedte in cm en m?**

**Voorbeeld:** 9 000 000 $mm^2$
= 3 000 mm × 3 000 mm
= 300 cm × 300 cm
= 90 000 $cm^2$
= 3 m × 3 m
= 9 $m^2$

Berekening:

**Probleemoplossing**

As 'n vierkant 'n omtrek van 10 m het, wat sal die oppervlakte wees? Gee jou antwoord in $mm^2$ en $cm^2$. Sal die oppervlakte verander as jy die vierhoek na 'n reghoek met 'n omtrek van 10 m verander?

Teken:

Datum:

# Volume en oppervlakte






**Wat is die verskil tussen volume en kapasiteit?**

DEFINISIE: Die volume van 'n vaste liggaam of 3D voorwerp is die hoeveelheid ruimte wat dit inneem.

DEFINISIE: Kapasiteit is die hoeveelheid vloeistof wat 'n houer kan hou.

**Ons weet dat:**
10 cm × 10 cm × 10 cm
= 1 000 cm$^3$
= 1 000 ml
= 1 ℓ





**Hierdie houer sal 8 000 liter hou.**

1. **Gebruik die formule om die volumes van die kubusse te bereken. Hoeveel water kan elke kubus hou?**


**Voorbeeld:**

Die formule vir die volume van 'n kubus is $l^3$.




2 cm × 2 cm × 2cm
= 8 cm$^3$
= 8 ml
= 0,008 ℓ

a.





b.





2. **Bereken die volume van hierdie houer en gee jou antwoord in m$^3$, cm$^3$ en mm$^3$. Sê ook wat die kapasiteit is wanneer dit vol water is.**

**Voorbeeld:**




Hierdie houer sal 30 000 000 ml of 30 000 ℓ water hou.


| m$^3$ | cm$^3$ | mm$^3$ |
|---|---|---|
| $l$ × b × h<br>= 5 m × 2 m × 3 m<br>= 30 m$^3$ | $l$ × b × h<br>= 500 cm × 200 cm × 300 cm<br>= 30 000 000 cm$^3$ | $l$ × b × h<br>= 5 000 mm × 2 000 mm × 3 000 mm<br>= 30 000 000 000 mm$^3$ |





3. **Bereken die buite-oppervlakte van die volgende kubusse.**

**Voorbeeld:**

Die buite-oppervlakte van 'n kubus is $l \times l \times$ aantal vlakke.




$= l^2 \times$ totale vlakke
$= (4\text{ cm})^2 \times$ totale vlakke
$= 16\text{ cm}^2 \times 6$
$= 96\text{ cm}^2$



Teken:
Datum:

vervolg ☛




15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# R15b Volume en oppervlakte vervolg




a.




3 cm

b.



4,2 cm

**4. Bereken die buite-oppervlakte van die volgende reghoekige prismas:**




3,5 cm

2,5 cm

4 cm

4 cm




3,5 cm


3,5 cm

2,5 cm

a.




b.




**Probleemoplossing**

As die volume van 'n kubus 112 $cm^3$ is, wat is sy afmeting in mm en m?

Teken:

Datum:

# R16a Data



Kyk na die datahanteringsiklus en beskryf dit.




Primêre data
Sekondêre data
Populasie
Opname
Steekproef
Vraelys
Variasiewydte of Omvang
Tabelle
Tellings
Gemiddelde
Stingel-en-blaartabelle
Mediaan
Modus
Staafdiagram
Histogram
Sirkeldiagram
Piktogram

**1. Beantwoord die vrae oor die inwin van data.**

**Hoeveel water drink ons by die skool?**

a. Hoe sal jy die data versamel?

b. Wie moet ons vra?

c. Wat sal die data ons vertel?

d. Dink jy die data kan ons help om 'n probleem op te los?

e. Hoekom sal die data ons help om 'n moontlike probleem op te los?

f. Skryf vyf vrae neer wat jy in 'n vraelys kan vra om jou te help om uit te vind hoeveel water in die skool gedrink word.

Jy sal dalk ekstra papier vir sommige van hierdie vrae nodig hê.

g. Skryf 'n hipotese vir jou vraelys.

Jy sal dalk ekstra papier vir sommige van hierdie vrae nodig hê.

h. Stel 'n eenvoudige vraelys op met ja/nee antwoorde en meervoudigekeuse-antwoorde.

Jy sal dalk ekstra papier vir sommige van hierdie vrae nodig hê.



**2. Jy het data versamel deur onderhoude met kinders in jou klas te voer oor hulle gunstelingsport. Die resultate is soos volg:**

| Naam | Gunsteling-sport | Naam | Gunsteling-sport |
|---|---|---|---|
| **Denise** | Rugby | **Elias** | Sokker |
| **John** | Golf | **Simon** | Rugby |
| **Jason** | Sokker | **Edward** | Krieket |
| **Mathapelo** | Krieket | **Susan** | Sokker |
| **Beatrix** | Krieket | **Philip** | Golf |
| **Opelo** | Rugby | **Ben** | Rugby |
| **Lisa** | Sokker | **Lauren** | Tennis |
| **Gugu** | Golf | **Tefo** | Rugby |
| **Sipho** | Rugby | **Alicia** | Sokker |
| **Lerato** | Rugby | **Masa** | Tennis |

a. Skep 'n tabel wat telling en frekwensie aandui.

Teken:

Datum:

# R16b Data vervolg

b. Teken 'n staafgrafiek deur jou frekwensietabel te gebruik.

c. Interpreteer jou grafiek en skryf ten minste vyf gevolgtrekkings.

**3. Gebruik die data wat versamel is in 'n opname oor die gunstelingvakke in jou klas. Jy sal ekstra papier nodig hê om hierdie aktiwiteit te doen.**

| Naam | Gunstelingvak | Naam | Gunstelingvak |
|---|---|---|---|
| Denise | Wiskunde | Elias | Geskiedenis |
| John | Kuns | Simon | Wiskunde |
| Jason | Geskiedenis | Edward | Wetenskappe |
| Mathapelo | Wetenskappe | Susan | Geskiedenis |
| Beatrix | Wetenskappe | Philip | Kuns |
| Opelo | Wiskunde | Ben | Wiskunde |
| Lisa | Geskiedenis | Lauren | Taal |
| Gugu | Kuns | Tefo | Wiskunde |
| Sipho | Wiskunde | Alicia | Geskiedenis |
| Lorato | Wiskunde | Masa | Taal |

**Kuns**
**Biologie**
**Geskiedenis**
**Taal**
**Wiskunde**
**Fisiese wetenskappe**

a. Stel 'n frekwensietabel op en gebruik tel strepies, skei die resultate vir seuns en meisies.


b. Teken 'n dubbele staafgrafiek deur jou frekwensietabel te gebruik, vergelyk die voorkeure van die seuns en meisies.

c. Interpreteer jou grafiek en skryf ten minste vyf gevolgtrekkings neer.

d. Vergelyk die grafiek in 2b. met die dubbele staafgrafiek in 3b. Watter grafiek gee die meeste inligting?

**4. Skryf 'n kort verslaggie oor jou bevindinge.**

**5. Bestudeer die diagram (grafiek) en skryf dan 'n kort paragraaf waarin jy die data verduidelik.**




**6. Op die oomblik gegegenereer elke persoon in Suid-Afrika omtrent 2 kg soliede rommel per dag.**

**Teken 'n sirkeldiagram om die inligting te wys.**

Hierdie tabel toon die verskillende kategorieë soliede rommel en die hoeveelhede in gram wat per dag gegegenereer word.

| Rommelkategorie | Rommel wat per persoon per dag gegegenereer word. (in gram) |
|---|---|
| Plastiek | 240 |
| Glas | 120 |
| Papier | 600 |
| Metaal | 200 |
| Organies | 600 |
| Nie-herwinbaar | 240 |

**Probleemoplossing**

Maak jou eie skets van die datahanteringsiklus. Bied dit aan die klas of 'n familielid.

Teken:

Datum:

# Notas

Rainbow WORKBOOKS

Graad 8

# Wiskunde

DEEL 2

WERKBLAAIE
1 tot 64

AFRIKAANS

Boek 1

# 1 Telgetal, natuurlike getalle en heelgetalle

**Verduidelik die verskil tussen:**

**Natuurlike getalle:**
{1, 2, 3, 4, …} Nie negatiewe getalle en geen breuke nie.

**Telgetalle:**
{0, 1, 2, 3, …} Geen negatiewe getalle en geen breuke. Nul ingesluit.

**Heelgetalle:**
{… −3, −2, −1, 0, 1, 2, 3, …} Positiewe en negatiewe getalle. Sluit nul in (wat nie positief of negatief is nie). Geen breuke nie.

Die simbool vir elkeen: **N** **W** **Z**

**1. Lees die strokiesprent en bespreek dit.**




**2. Trek getallelyne om die volgende te verduidelik:**

a. Telgetalle  b. Natuurlike getalle  c. Heelgetalle

**Skryf dan 'n versameling vir elke groep van die syfers neer.**

d. Telgetalle ______

e. Natuurlike getalle ______

f. Heelgetalle ______

**3. Sê of die volgende getalle telgetalle en/of natuurlike getalle en/of heelgetalle is.**

a. 15 ____________________

b. −8 ____________________

c. −6 ____________________

d. 100 ____________________

e. 200 ____________________

**4. Voltooi die volgende:**


a. A = {1, 2, 3, …} is die stel van ______________ getalle.

b. B = {0, 1, 2, …} is die stel van ______________ getalle.

c. C = {… −3, −2, −1, 0, 1, 2, 3, …} is die stel van ______________ getalle.

d. Soms praat ons van positiewe en negatiewe heelgetalle. Skyf 'n stel van elk neer.

**5. Benoem hierdie Venn-diagram deur die volgende woorde te gebruik: heelgetalle, telgetalle en natuurlike getalle.**





'n Venn-diagram is 'n manier om die verhouding tussen twee of drie stelle getalle aan te dui. Die diagram bestaan uit twee of drie ovale wat oorvleuel.

**6. Ken jy enige ander soort getalle? Skryf hulle neer.**

Teken:

Datum:

**Probleemoplossing**

Verduidelik 'n Venn-diagram aan jou familie.

# 2a Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe

**Hersien hierdie eienskappe van getalle. Gee 'n voorbeeld van elk.**

Kommutatiewe eienskap van 'n getal:

Assosiatiewe eienskap van getalle:

Distributiewe eienskap van getalle:

Nul as die identiteit eienskap van optelling:

Een as die identiteit eienskap van vermenigvuldiging:

**1. Maak gebruik van die assosiatiewe eienskap om die uitdrukkings te voltooi. Bereken die antwoord:**

**Voorbeeld:** $(6 + 3) + 4 = 6 + (3 + 4)$
$9 + 4 = 6 + 7$
$13 = 13$

a. $(2 + 5) + 3 =$

b. $(4 + 6) + 2 =$

c. $(7 + 8) + 1 =$

**2. Maak gebruik van die assosiatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te voltooi:**

**Voorbeeld:** $(a + b) + c = a + (b + c)$
$a + b + c = a + b + c$

a. $(m + n) + p =$

b. $(x + y) + z =$

c. $(c + d) + e =$





0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15

3. **Gebruik die kommutatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te maak.**

**Voorbeeld:** $2 \times 3 = 3 \times 2$

$6 = 6$

a. $5 \times 10 =$

b. $4 \times 5 =$

c. $7 \times 9 =$

4. **Gebruik die kommutatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te maak.**

**Voorbeeld:** $a \times b = b \times a$

$ab = ba$

a. $x \times c =$

b. $m \times n =$

c. $p \times q =$

5. **Maak gebruik van die assosiatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te bewys.**

**Voorbeeld:** $8 + (7 + 4) = (8 + 7) + 4$

$8 + 11 = 15 + 4$

$19 = 19$

a. $3 + (6 + 7) =$

b. $12 + (4 + 9) =$

c. $5 + (3 + 11) =$

Teken:

Datum:

vervolg ☛

# 2b Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe vervolg

**6. Gebruik die assosiatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te bewys:**

**Voorbeeld:** $a + (b + c) = (a + b) + c$

$a + b + c = a + b + c$

a. $x + (y + z) =$

b. $r + (s + t) =$

c. $d + (e + f) =$

**7. Gebruik die assosiatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te bewys:**

**Voorbeeld:** $(2 \times 4) \times 3 = 2 \times (4 \times 3)$

$8 \times 3 = 2 \times 12$

$24 = 24$

a. $(3 \times 4) \times 3 = 3 \times (4 \times 3)$

b. $(7 \times 4) \times 2 = 7 \times (4 \times 2)$

**8. Gebruik die assosiatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te bewys:**

**Voorbeeld:** $a \times b \times c = (a \times b)c$

$abc = ab \times c$

$abc = abc$

a. $(c \times d \times e) = c(d \times e)$

b. $x \times y \times z = x(y \times z)$

**9. Gebruik die distributiewe eienskap om aan te toon dat die vergelyking waar is:**

a. $3 \times (2 + 6) = (3 \times 2) + (3 \times 6)$

b. $5 \times (3 + 3) = (5 \times 3) + (5 \times 3)$

c. $3 \times (7 + 4) = (3 \times 7) + (3 \times 4)$

**10. Gebruik die distributiewe eienskap om aan te toon dat die uitdrukkings waar is:**

a. $m \times (n + p) = (m \times n) + (m \times p)$

b. $d \times (g + h) = (d \times g) + (d \times h)$

c. $r \times (s + t) = (r \times s) + (r \times t)$

**11. Gebruik nul as die identiteit van optelling en een as die identiteit van vermenigvuldiging om somme vir die volgende te skryf:**

| | | Nul as die identiteit van optelling | Een as die identiteit van vermenigvuldiging |
|---|---|---|---|
| | $\frac{1}{2}$ | $\frac{1}{2} + 0 = \frac{1}{2}$ | $\frac{1}{2} \times 1 = \frac{1}{2}$ |
| a. | 3,5 | | |
| b. | 56 | | |
| c. | $\frac{1}{5}$ | | |

**Probleemoplossing**

As $a \times (b + c) = (a \times b) + (a \times c)$, vervang $a = -5$, $b = -2$ en $c = -3$, in die vergelyking om te wys dat die distributiewe eienskap geld.

– Wat moet ek by 'n getal tel sodat die antwoord dieselfde as die getal is?

– Waarmee moet ek 'n getal vermenigvuldig sodat die antwoord dieselfde as die getal is?

Teken:

Datum:

# 3 Faktore, priemfaktore en faktorisering

**Definisies van:**

**Faktor:** 'n Faktor is 'n getal wat presies in 'n ander getal kan deel. Bv. 8 is 'n faktor van 32, want 8 × 4 = 32.

**Priemfaktor:** 'n Faktor van 'n getal wat self 'n priemgetal is. Bv. die faktore van 12 is 1, 2, 3, 4, 6 en 12. Slegs 2 en 3 is priemfaktore.

**Priemgetal:** 'n Getal wat slegs twee faktore het, 1 en homself.

**1. Wat is 'n faktor? Gee 'n voorbeeld.**

**2. Skryf die faktore vir:**

**Voorbeeld:** Faktore van 16 = {1, 2, 4, 8, 16}

a. Faktore van 8 = {…}

b. Faktore van 24 = {…}

c. Faktore van 21 = {…}

**3. Wat is 'n priemgetal? Gee vyf voorbeelde.**

**4. Hersiening. Voltooi die tabel:**

| | Faktore | Gemene faktore | Grootste gemene deler |
|---|---|---|---|
| Voorbeeld: 4 en 8 | 1, 2, 4, en 1, 2, 4, 8 | 1, 2, 4 | 4 |
| a. 6 en 12 | | | |
| b. 7 en 28 | | | |
| c. 9 en 36 | | | |
| d. 8 en 24 | | | |
| e. 3 en 21 | | | |

**5. Waarvoor staan GGF?**

**6. Wat is die GGF vir:**

**Voorbeeld: Faktore van 12: {1, 2, 3, (4), 6, 12}** **Faktore van 16: {1, 2, (4), 8, 16}**

a. 15 en 45

b. 16 en 64

c. 21 en 63

d. 24 en 88

**7. Bepaal die grootste gemene faktore deur faktorisering en boomfaktorisering te gebruik.**

**Voorbeeld:** Faktore van 24 en 36

| | |
|---|---|
| **24** | **2** |
| **12** | **2** |
| **6** | **2** |
| **3** | **3** |
| **1** | |

| | |
|---|---|
| **36** | **2** |
| **18** | **2** |
| **9** | **3** |
| **3** | **3** |
| **1** | |


Selekteer die gemene faktore net een keer.

**GGD: 2 × 2 × 3 = 12**

**Kontroleer jou antwoord: 24 ÷ 12 = 2**

**36 ÷ 12 = 3**

**Boomfaktorisering**




a. Faktore van 24 en 32

b. Faktore van 64 en 32

c. Faktore van 48 en 36

d. Faktore van 72 en 32

**Probleemoplossing**

Faktoriseer 358.
Wat is die som van die grootste gemene faktor van 100 en 150 saam met die grootste gemene faktor van 200 en 250?

Teken:

Datum:

# 4 Veelvoude en die kleinste gemene veelvoud

**Kyk na die definisies. Gee vyf voorbeelde van elk.**

DEFINISIE

**Veelvoud:**
'n Getal wat gevorm word deur twee syfers te vermenigvuldig. Dit kan 'n positiewe of negatiewe getal of nul wees.

DEFINISIE

**KGV**
(Kleinste gemene veelvoud): Die kleinste getal wat 'n veelvoud van twee of meer getalle is.

**1. Skryf die eerste 12 veelvoude vir:**

**Voorbeeld:** Veelvoude van 9: {9, 18, 27, 36, 45, 54, 63, 72, 81, 90, 99, 108}

a. Veelvoude van 2: {…}

b. Veelvoude van 4: {…}

c. Veelvoude van 7: {…}

d. Veelvoude van 3: {…}

**2. Waarvoor staan KGV?**

**3. Bepaal die kleinste gemene veelvoud:**

**Voorbeeld:** Veelvoude van 4: {4, 8, 12, 16, 20} Veelvoude van 5: {5, 10, 15, 20}
$\therefore$ KGV is 20

a. Veelvoude van 8: {…}
Veelvoude van 5: {…}

b. Veelvoude van 5: {…}
Veelvoude van 12: {…}

*Kwartaal 1*

c. Veelvoude van 7: {…}

Veelvoude van 4: {…}

d. Veelvoude van 8: {…}

Veelvoude van 4: {…}

e. Veelvoude van 2: {…}

Veelvoude van 4: {…}

f. Veelvoude van 6: {…}

Veelvoude van 8: {…}

**4. Bepaal die KGV deur die trapleer-metode te gebruik:**

**Voorbeeld:** Veelvoude van 12 en 8

| | |
|---|---|
| 12 | 2 |
| 6 | 2 |
| 3 | 3 |
| 1 | |

| | |
|---|---|
| 8 | 2 |
| 4 | 2 |
| 2 | 2 |
| 1 | |

$2 \times 2 \times 2 \times 3$

$= 8 \times 3$

$= 24$

Die kleinste gemene veelvoud is 24.

Bepaal eers die faktore en selekteer dan AL die faktore van albei faktore, maar kies net die gemene faktore een keer.

a. Veelvoude van 22 en 28

b. Veelvoude van 38 en 72

c. Veelvoude van 32 en 36

d. Veelvoude van 74 en 48

e. Veelvoude van 27 en 81

f. Veelvoude van 68 en 88

**Probleemoplossing**

Wat is die som van die eerste 20 getalle wat veelvoude is van albei 3 en 5?

Teken:

Datum:




15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 5 Grootste gemene deler en kleinste gemene veelvoud van drie-syfergetalle

**Verduidelik die faktorboom en metode met 'n leer deur die voorbeeld hieronder te gebruik.**

**Begin deur uit te werk of dit deelbaar is deur een van die priemgetalle 2, 3, 5, 7, ens.**




**Hoekom dink jy noem ons dit 'n faktorisasieboom?**

| | |
|---|---|
| 384 | 3 |
| 128 | 2 |
| 64 | 2 |
| 32 | 2 |
| 16 | 2 |
| 8 | 2 |
| 4 | 2 |
| 2 | 2 |
| 1 | |

- As die getal op 'n ewe getal eindig, is dit deelbaar deur 2.
- As die som van die syfers deelbaar is deur 3 is die getalle deelbaar deur 3.
- As die getal op 'n 0 of 5 eindig is dit deelbaar deur 5.


**1. Bereken die GGD van twee getalle deur faktorisering of inspeksie te gebruik:**

**Voorbeeld:** Faktore van 192 en 216

| | |
|---|---|
| 192 | 2 |
| 96 | 2 |
| 48 | 2 |
| 24 | 2 |
| 12 | 2 |
| 6 | 2 |
| 3 | 3 |
| 1 | |

| | |
|---|---|
| 216 | 2 |
| 108 | 2 |
| 54 | 2 |
| 27 | 3 |
| 9 | 3 |
| 3 | 3 |
| 1 | |

**Faktorbome**




**Ek weet 216 kan deur 3 gedeel word omdat 2 + 1 + 6 = 9, en 9 kan deur 3 gedeel word.**

**192** = 2 × 2 × 2 × 2 × 2 × 2 × 3

**216** = 2 × 2 × 2 × 3 × 3 × 3

Gemene faktore is = 2, 2, 2, 3

GGD = 2 × 2 × 2 × 3 = **24**

a. 72 en 188

b. 205 en 315

c. 456 en 572

d. 208 en 234

e. 275 en 350

f. 204 en 252

**2. Bereken die KGV deur faktorisering of inspeksie te gebruik:**

**Voorbeeld:** 123 en 141

| | |
|---|---|
| 123 | 3 |
| 41 | 41 |
| | 1 |

| | |
|---|---|
| 141 | 3 |
| 47 | 47 |
| | 1 |

**KGV =** 3 × 41 × 47 × 1 = 5 781

a. 128 en 256

b. 243 en 729

c. 125 en 625

d. 200 en 1 000

e. 225 en 675

f. 162 en 486

**Probleemoplossing**

Verduidelik aan 'n familielid hoe jy die GGF deur faktorisering bereken.

Teken:


Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 6 Finansies – profyt, verlies en afslag

Kan jy nog die betekenis van profyt, verlies en afslag onthou? Weet jy wat BTW beteken?




**Profyt** is die surplus wat oorbly nadat die totale onkoste van die totale inkomste afgetrek is.

**Verlies** is die oorskot van uitgawes bo inkomste.

**Afslag** is die bedrag wat van die vraprys afgetrek word voor betaling.




In Suid-Afrika is die huidige BTW-koers 14%. Party noodsaaklike kossoorte is daarvan vrygestel – dit beteken dat hulle 'n 0% BTW-koers het.

1. Pieter koop 10 appels teen R2,50 elk. Hy verkoop elke appel vir R4,00. Hoeveel profyt maak hy as hy 50% van sy appels teen volprys verkoop en die res teen 25% afslag?

2. Mandla gaan vir een jaar universiteit toe. Die klasgeld en koshuisgeld beloop R45 000. Die universiteit bied hom 22% afslag aan gebaseer op sy goeie skooluitslae. Hoeveel betaal hy vir die jaar?

**Interessante feite: Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)** is in die 1970's as verbruiksbelasting deur die Europese Ekonomiese Gemeenskap (nou die Europese Unie) ingestel. Dit is belasting op die koopprys wat op elke stadium van die produksie- en verspreidingsketting van ru-materiaal tot finale verkope gehef word. Vir die finale koper, is dit belasting op die volle koopprys. Vir die verkoper, is dit belasting net op die "toegevoegde waarde" van die verkoper op die produk, materiaal of diens (die verkopers eis die BTW terug wat hulle vir die produk betaal het). Die meeste van die onkoste om die belasting in te samel word deur besighede gedra en nie die staat nie. Belasting op Toegevoegde Waarde is ingestel deels omdat dit die verkopers 'n direkte finansiële aandeel gee in die inwin van belasting.

3. Ann koop 'n rekenaarspeletjie vir R650 BTW uitgesluit. Hoeveel BTW sal sy betaal? Hoeveel sal sy altesaam betaal?

4. Lebo koop skoon herbruikbare CD's in grootmaat. Hy herverpak hulle en verkoop hulle een-een. Hy betaal R40 kontant (BTW ingesluit) vir 50 CD's. Hy verdien 'n 5% kontantafslag. Vir hoeveel moet hy elke CD verkoop om 40% profyt te maak?

5. Musa koop 'n nuwe radio vir R125,00 BTW uitgesluit. Hy betaal kontant en kry 5% kontantafslag. Hoeveel sal hy altesaam betaal, BTW ingesluit?

**Probleemoplossing**

Palesato kry R100 sakgeld per week. Sy gaan twee keer per week fliek (dit kos R30,00 per fliek, BTW uitgesluit). Sy drink koffie vir R5,00 en koop R25,00 lugtyd, albei met BTW ingesluit. Hoeveel sakgeld kan sy na volgende week oordra?

Teken:

Datum:

# 7 Finansies – begroting

Kan jy nog onthou wat 'n begroting is?
Wat is die belangrikste reël vir 'n begroting?




'n **Begroting** is die beraming van inkomste en uitgawes oor 'n spesifieke tydperk.



**Begroting is nie 'n slegte woord nie.**
Om te begroot is een van die beste sleutels tot die goeie hantering van jou geld. Begrotings voorkom dat jy te veel spandeer.



1. Jy verdien R300,00 sakgeld elke maand. Jy wil een keer per week gaan fliek. Die fliekkaartjie kos R30,00 en 'n koeldrank kos R8,00. Die taxi kos R10,00. Sal jy elke week kan gaan? Stel 'n begroting saam vir die maand (vier weke).

2. Jy het verlede maand die volgende uitgawes gehad: Fliek R30,00; Taxi R100,00; Roomys R9,75; Nuwe hemp R45,00; Donasies aan welsyn R50,00; Skryfbehoeftes R65,00; Herstelwerk aan jou fiets R175,00. Jy verdien R400 sakgeld per maand vir die werk wat jy in en om die huis doen. Jy het tot nou toe R372,00 gespaar. Voltooi die begroting hieronder om uit te vind of jy iets kan spaar en of jy van jou spaargeld sal moet gebruik.

| | Beraamde bedrag | Werklike bedrag | Verskil |
|---|---|---|---|
| **Inkomste (sakgeld)** | 400,00 | | |
| **Uitgawes** | | | |
| Taxi | 75,00 | | |
| Flieks | 60,00 | | |
| Lekkergoed | 15,00 | | |
| Klere | 100,00 | | |
| Donasies | 65,00 | | |
| Spaargeld | 40,00 | | |
| Skryfbehoeftes | 50,00 | | |
| | | | |
| **Beraamde totale uitgawes** | | | |
| **Netto inkomste** | | | |

3. Jy beplan om blomme te verkoop om ekstra sakgeld te verdien. 'n Bos blomme kos jou R65,00 by die mark. Jy moet R50 betaal vir 'n taxi mark toe en terug en jou geskenkpapier kos jou R20 vir 20 velle. Jy het net een vel per bos nodig. Gebruik die begroting hieronder om te bereken wat jou inkomste vir die maand moet wees as jy beraam dat jy 5 bosse per week kan verkoop en jy wil 25% wins maak. Jy kan slegs 10 bosse per keer in die taxi vervoer.

| | **Beraamde bedrag** |
|---|---|
| **Inkomste (verkoop van blomme)** | |
| **Uitgawes** | |
| Blomme | |
| Geskenkpapier | |
| Taxi | |
| **Beraamde totale uitgawes** | |
| **Netto inkomste (profyt)** | |

4. Voorheen het Sipho R160,00 per week van sy weeklikse sakgeld van R200,00 uitgegee. Nou is sy sakgeld verminder na R100 per week. Werk 'n nuwe begroting uit sodat hy nog dieselde goed kan doen.

*Vorige uitgawes:*

| | |
|---|---|
| Flieks: | R25 (×2) |
| Lugtyd: | R60 (×1) |
| Koeldrank: | R8 (×4) |
| Skyfies: | R3 (×6) |

**Probleemoplossing**

Maak 'n lys van 5 maniere waarop jy jou begroting kan rek. Deel die lys met die res van jou klas.

**Onthou:** Om jou begroting te rek beteken dat jy jou oorskot (surplus) moet vergroot.
Dit beteken nie net jy moet jou uitgawes verminder nie, maar ook jou inkomste vermeerder.

Teken:

Datum:

# 8 Finansies – lenings en rente

**Kan jy nog onthou wat 'n lening is? Wat is rente?**

DEFINISIE

'n **Lening** is 'n bedrag geld wat 'n individu of maatskappy aan 'n individu of maatskappy uitleen met die doel om profyt te maak wanneer die geld terugbetaal word.

**Rente** is die bedrag wat die uitlener 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld. Die bedrag word gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen is en word die rentekoers genoem.

Almal ken die ou raat dat 'n mens nooit geld moet leen of uitleen nie, maar in die moderne wêreld het lenings en krediet amper heeltemal kontantbesparings vervang as die manier waarop baie mense groot aankope finansier. Gevolglik moet jy seker maak presies hoeveel rente jy betaal.



1. Soek die enkelvoudige rente wat verdien word op 'n bedrag van R1 400 teen 'n jaarlikse rentekoers van 6.5% oor 3 jaar.

2. Op 1 Junie maak Sipho 'n spaarrekening oop by Postbank. Die rente beloop 4.5%. Hy deponeer R600. Tien dae later op 10 Junie deponeer hy R1 000. Vyf dae later op 15 Junie deponeer hy R500. Geen ander deposito's of ontrekkings is gemaak nie. Vyftien dae later, aan die einde van die maand werk die bank die daaglikse rente uit.

   a. Hoeveel enkelvoudige rente (bereken tot die laaste sent) het hy verdien?

   b. Wat was die balans op die rekening aan die einde van die eerste 30 dae?

Kwartaal 1

3. Suzy leen R2 400 van die bank vir 'n periode van twee jaar en ses maande teen 'n enkelvoudige rentekoers van 4.7%. Hoeveel moet sy terugbetaal aan die einde van die periode?

4. Andile het R1 300 om te belê en het R1 800 binne 12 jaar nodig. Watter jaarlikse rentekoers sal hy nodig hê om sy doel te bereik?

5. Jabu se belegging van R2 200 het R528 binne twee jaar verdien.
   a. Soek die enkelvoudige rente vir hierdie belegging. As sy besluit om die totale bedrag (die oorspronklike bedrag plus die rente) vir nog twee jaar teen dieselfde rentekoers te belê, bereken die volgende:
   b. Watter rente sal sy verdien oor die volgende twee jaar?
   c. Wat is die verskil in rente verdien oor die eerste twee jaar, in vergelyking met die rente verdien oor die tweede twee jaar.

**Probleemoplossing**

'n Totaal van R24 000 is belê in twee rekeninge. Een rekening het 8% rente verdien en die ander 9%. Die totale jaarlikse rente wat verdien is, was R2 020. Hoeveel is in elke rekening belê? Skryf twee vergelykings om jou te help om die probleem op te los.

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 9 Finansies – huurkoop

## Weet jy wat huurkoop beteken?

DEFINISIE

**Huurkoop** is 'n sisteem waarvolgens 'n koper vir 'n bate in gereelde paaiemente betaal, terwyl hy of sy dit kan gebruik.

Gedurende die terugbetalingsperiode, word eienaarskap van die item nie oorgeplaas aan die koper nie (dit word 'geleen'). Nadat die lening ten volle met rente terugbetaal is, word die item die koper se eiendom (die "aankope" is nou afgehandel).

Baie organisasies sluit huurkoop- of huurtransaksies om te betaal vir die gebruik van toerusting oor 'n lang periode eerder as om vooraf daarvoor te betaal.

Die terugbetaalperiode is normaalweg dieselfde as die produksielewe van die masjien. Byvoorbeeld: 'n boer koop 'n trekker en betaal dit af oor 5 jaar. Na 5 jaar moet hy gewoonlik die masjien vervang.



**Huurkoop** moet nie verwar word met **paaiementverkope** nie.

In Noord-Amerika en die Verenigde Koninkryk word huuraankope, paaiementverkope, maar in Suid-Afrika is paaiementverkope finansiering van 'n bate wat soortgelyk is aan 'n lening. By paaiementverkope leen die koper geld van 'n instansie (soos 'n bank) en gebruik die toerusting as sekuriteit. Eienaarskap van die item word dadelik oorgedra aan die koper. By huurkoop koop die instansie die toerusting en eienaarskap behoort aan die instansie. Die koper 'huur' die toerusting van die instansie teen 'n ooreengekome paaiement. Eienaarskap word eers aan die einde van die huurkoopooreenkoms aan die koper oorgedra.

## 1. Hoe om die huurkoopbetalings te bereken

a. Bepaal die totale koste van die item wat jy wil koop, BTW (belasting op toegevoegde waarde) ingesluit en enige ander gelde wat betaalbaar is. Dit kan, onder andere, boekhouding, versekering en vervoerkostes insluit.

b. Trek die bedrag van jou kontantbetaling (aanvanklike deposito tot die onkoste) af van die totale bedrag. Jou paaiement word bereken op die totale onkoste minus die aanvanklike betaling.

c. Vra wat die rentekoers is en hoe dit bereken word. Sommige rentekoerse word teen 'n uniforme koers (enkelvoudige rente) aangebied en ander word periodiek op die uitstaande balans bereken (saamgestelde rente).

d. Bereken die huurkoopbetalings gebaseer op die bedrag verskuldig, die rentekoers en die paaiementskedule. Dit kan 'n gelyke bedrag vir die loop van jou betalingskedule wees of dit kan verskillende bedrae wees.

2. James koop 'n gasbraaier vir sy restaurant op huurkoop. Die braaier kos R7 800 en hy betaal 'n deposito van R1 000. Wat sal sy paaiement wees as hy 12% per jaar enkelvoudige rente betaal en dit terugbetaal oor 'n periode van 18 maande?

3. Mandla, 'n boer, wil 'n nuwe trekker koop. Die trekker kos R160 000, BTW uitgesluit. Hy kan 'n deposito betaal van R20 000. Hy besluit om die trekker te koop op huurkoop oor 60 maande teen 'n enkelvoudige rentekoers van 10%.
   a. Wat sal die paaiement wees?
   b. Hoeveel rente sal hy betaal?
   c. Hoeveel sal hy altesaam oor 60 maande vir die trekker betaal?

**Probleemoplossing**

David koop 'n nuwe kar op huurkoop. Die kar kos R65 000 (BTW uitgesluit) en hy ruil sy ou kar in (wat ten volle afbetaal is) vir R7 500. Die kar se registrasie, dokumentasie en lisensie beloop R2 500. Wat sal sy paaiement wees as hy 7% per jaar enkelvoudige rente betaal oor 'n periode van 54 maande?

Teken:

Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 10 Finansies – wisselkoerse




'n **Wisselkoers** is die huidige markprys waarvoor een geldeenheid gewissel kan word vir 'n ander.





Die **Rand** (simbool: R; kode: ZAR) is die geldeenheid van Suid-Afrika.

Die **Amerikaanse Dollar** (simbool: $; kode: USD; ook afgekort as US$) is die amptelike geldeenheid van die Verenigde State van Amerika.

Die **Euro** (simbool: €; kode: EUR) is die amptelike geldeenheid van die Europese sone.

Die **Pond Sterling** (simbool: £; kode: GBP), algemeen bekend as die Pond, is die amptelike geldeenheid van die Verenigde Koninkryk.

Kwotasies wat 'n land se eie geldeenheid gebruik as die pryseenheid (bv. EUR 0.735342 = USD 1.00 in die euro-sone) staan bekend as direkte kwotasies of pryskwotasie (vanuit daardie land se perspektief) en word deur die meeste lande gebruik.

Kwotasies wat 'n land se eie geldeenheid as die eenheidprys gebruik (bv. EUR 1.00 = USD 1.35991 in die euro-sone) staan bekend as indirekte kwotasies.

**Gebruik die wisselkoerse in die tabel om jou te help om die woordsomme op te los. Wys jou werk in die toegelate spasie.**

| | ZAR (R) | USD ($) | GBP (£) | CAD ($) | EUR (€) | AUD ($) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ZAR | 1,00 | 6,76 | 11,06 | 6,89 | 9,88 | 7,17 |
| USD | 0,15 | 1,00 | 1,60 | 0,92 | 1,46 | 0,87 |
| GBP | 0,09 | 1,09 | 1,00 | 0,58 | 0,91 | 0,55 |
| CAD | 0,15 | 1,09 | 1,74 | 1,00 | 1,59 | 0,95 |
| EUR | 0,10 | 0,69 | 1,10 | 0,63 | 1,00 | 0,60 |
| AUD | 0,14 | 1,15 | 1,83 | 1,05 | 1,67 | 1,00 |

1. Mbali het R100 as kelnerin verdien. Die nuwe branderglyplank wat sy wil hê kos $12 AUD. Hoeveel geld sal sy in ZAR oorhê ná haar aankope?

2. Jack woon in Ottawa, Ontario, Kanada. Sy oom woon in Londen, Engeland. Vir sy verjaarsdag het Jack £20 van sy oom gekry. Hoeveel Kanadese dollar kan hy koop met sy verjaarsdaggeld?

3. Olivia woon in Sydney, Australië. Haar ouma woon in Parys, Frankryk. Vir Kersfees, het sy €40 van haar ouma gekry. Hoeveel Australiese dollar kan sy koop met haar Kersfeesgeld?

4. Mandla het $11 USD. Die rekenaarspelletjie wat hy wil koop kos $10 AUD. Het hy genoeg geld om die spelletjie te koop? Indien nie, hoeveel meer Amerikaanse dollars het hy nodig?

**Probleemoplossing**

Jabu het €35. Sy wil jeans koop vir $25 CAD en 'n T-hemp vir $15 CAD. Hoeveel geld sal sy oorhê in ZAR ná haar aankope?

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 11 Getallerye met heelgetalle

**Dink na oor wat jy van heelgetalle weet. Kyk na hierdie heelgetalle. Watter heelgetalle kom voor en agter elke getal?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| −9 | 10 | −1 | −12 |
| 1 | −7 | −2 | −15 |

**DEFINISIE**

Heelgetalle sluit die telgetalle in {1, 2, 3, ...}, nul {0}, en die negatiewe van die telgetalle {−1, −2, −3, ...}

Plaas die heelgetalle bo in stygende en dalende volgorde.

**1. Voltooi hierdie getallelyne.**

a. (getallelyn) −1, 0, 1

b. (getallelyn) −4, −3, −1

c. (getallelyn) 14, 15, 17

d. (getallelyn) −205

**2. Voltooi hierdie getallelyne. Ons het vir jou die heelgetalle vir die eerste waarde en die laaste waarde van die intervalle gegee wat jy op elke getallelyn moet toon.**

Dink mooi wat jou intervalle gaan wees.

a. −5 en 1

b. −2 en 6

c. −10 en −3

d. −100 en 0

**3. Voltooi die volgende.**

a. −8 → −6 → −4 → ☐ → ☐ → ☐ → ☐ → ☐ → ☐

b. −64 → −56 → −48 → ☐ → ☐ → ☐ → ☐ → ☐ → ☐

c. −50 → −45 → −42 → ☐ → −42 → ☐ → ☐ → ☐ → −66

**4. Identifiseer die laaste term in elke patroon. Wat is die reël?**

**Voorbeeld: −8, −7, −6, −5, −4, −3, −2. Die laaste term (−2) is die sewende term in die patroon. Die reël is vorige getal + 1.**

a. −7, −6, −5, −4, −3, −2, −1, 0, 1 ______ de term. ______

b. −20, −18, −16, −14, −12, −10, ______ de term. ______

c. −25, −16, −9, −4, −1 ______ de term. ______

**5. Omkring die vyfde term in elke patroon. Wat is die reël?**

a. −8, −6, −4, −2, 0, 2, 4, 6, 8 ______

b. −15, −12, −9, −6, −3, 0, 3, 6 ______

c. −80, −75, −70, −65, −60, −55, −50 ______

**6. Bepaal die 10de term in elke patroon. Wat is die reël?**

a. −10, −9, −8, ______

b. −28, −26, −24, ______

c. −31, −28, −25, ______

d. −99, −94, −89, ______

e. −82, −78, −74, ______

f. −84, −77, −70, ______

**7. Skryf die volgende in stygende volgorde:**

a. 6, −4, 4, 2, −2, 0, −6

b. −8, 0, 8, −24, 16, −16, 24

c. −5, 5, 15, 55, 10, −15, −10, −55

d. −100, −50, −200, −150, 0, −300

**8. Vul in <, > of =**

a. 4 ___ −4

b. −18 ___ −8

c. −2 ___ 2

d. −3 ___ 3

e. −10 ___ 10

f. −26 ___ −62

**Probleemoplossing**

Die reël vir 'n getallery is plus vyf.
Gebruik hierdie reël om 'n tientermgetallery wat positiewe en negatiewe heelgetalle insluit, te maak.

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 12 Berekeninge met veelvoudige bewerkings



**HODMOA staan vir:**

**H =** 

**O =** 

**D =** 

**M =** 

**O =** 

**A =** 

**Wat let jy op?**

| | |
|---|---|
| (−3 − 2) × (7 − 2) | (−3 − 2) × (7 − 2) |
| = −5 × 5 | = −3 − 2 × 7 − 2 |
| = −25 | = −3 − 14 − 2 |
| | = −19 |

**Watter een is korrek? Hoekom?**

Probeer dit op 'n gewone sakrekenaar en dan 'n wetenskaplike sakrekenaar. Wat let jy op?






**1. Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** **(−7) + (5)**
**= −7 + 5**
**= −2**

a. (−2) + (−3) =

b. (2) − (−3) =

c. (−6) − (8) =

d. (−8) + (−4) =

e. (4 + 2) + (8 − 3) =

f. (6 − 8) + (3 + 4) =

2. **Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $(-5 - 4) \times (6 - 2)$
$= -9 \times 4$
$= -36$

a. $(2 + 3) \times (4 \times 2)$

b. $(-2 + 3) \times (-4 + 2)$

c. $(2 - 3) \div (4 - 2)$

d. $(-2 - 3) \div (-4 - 1)$

e. $(5 + 6) \times (8 + 7)$

f. $(5 - 6) \times (8 - 7)$

3. **Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $(-3 + 2) + (5 - 3) \times (8 - 9)$
$= (-1) + (2) \times (-1)$
$= -1 + (-2)$
$= -1 - 2$
$= -3$

a. $(-6 + 8) + (-3 - 4) \times (7 - 9) =$

b. $(-9 + 4) - (-6 + 5) \times (-3 + 2) =$

c. $(6 - 5) \times (-3 + 9) \div (3 + 3) =$

d. $(-7 + 5) \times (-2 - 7) + (-5 + 3) =$

e. $(-9 + 5) \div (-6 + 4) - (10 - 11) =$

f. Skep jou eie getallesin. Bereken die antwoord.

**Probleemoplossing**


As die antwoord 20 is en die berekening het drie bewerkinge, gee 'n voorbeeld van wat die berekening moontlik kan wees.

Teken:

Datum:

# 13 Eienskappe van getalle en heelgetalle

**Wat kan jy sê oor dieselfde gekleurde simbole?**




Kommutatiewe eienskap:
$a + b = b + a$
$a \times b = b \times a$

Wat sal gebeur as jy al die $a$'s negatief maak?

Assosiatiewe eienskap:
$a + (b + c) = (a + b) + c$
$a \times (b \times c) = (a \times b) \times c$

... al die $a$'s en $b$'s negatief maak?

Distributiewe eienskap:
$a \times (b + c) = a \times b + a \times c$ of
$a \times (b + c) = (a \times b) + (a \times c)$

... al die $a$'s, $b$'s en $c$'s negatief maak?

**1. Kommutatiewe eienskap: gebruik die voorbeeld om jou te help om die volgende te bereken:**

**Voorbeeld:** $8 + (-3) = (-3) + 8 = 5$ $\quad$ $8 \times (-3) = (-3) \times 8 = -24$

a. $4 + (-2) =$ ______
$=$ ______

b. $6 + (-4) =$ ______
$=$ ______

c. $10 + (-2) =$ ______
$=$ ______

d. $33 + (-14) =$ ______
$=$ ______

e. $7 \times (-6) =$ ______
$=$ ______

f. Maak jou eie som.
______

**2. Gebruik aftrekking om optelling te kontroleer en *vice versa*.**

**Voorbeeld:** $8 + (-3) = 5$ dan
$5 - 8 = -3$ of
$5 - (-3) = 8$

a. $6 + (-2) =$ ______ dan
______

b. $8 + (-9) =$ ______
______

c. $3 + (-2) =$ ______ dan
______

d. $17 + (-8) =$ ______ dan
______

e. $9 + (-5\ ) =$ ______ dan
______

f. Maak jou eie som.
______

Kwartaal 1

**3. Assosiatiewe eienskap: gebruik die voorbeeld om jou te help om die volgende te bereken:**

**Voorbeeld:** [(−6 ) + 4] + (−1) = (−6) + [4 + (−1)] = −3

a. [(−3) + 2] + (−4) = ______ = ______

b. [(−6) + 7] + (−8) = ______ = ______

c. [(13) + (−3)] + (−2) = ______ = ______

d. [(−4) + (−10)] + 5 = ______ = ______

e. [(−12) + (−9)] + 18 = ______ = ______

**4. Gebruik deel om maal te kontroleer en *vice versa*.**

**Voorbeeld:** 5 × (−6) = −30 dan
−30 ÷ 5 = −6 en
−30 ÷ (−6) = 5

a. 8 × (−3) =

b. (−7) × (9) =

c. 5 × (−7) =

d. 6 × (−8) =

e. 4 × (−2) =

**5. Voltooi die patroon.**

**Voorbeeld:** (+5) × (+5) = 25
(−5) × (−5) = 25
(+5) × (−5) = −25
(−5) × (+5) = −25

a. (+2) × (+2) =
(−2) × (−2) =
(+2) × (−2) =
(−2) × (+2) =

b. (+1) × (+1) =
(−1) × (−1) =
(+1) × (−1) =
(−1) × (+1) =

c. (+12) × (+12) =
(−12) × (−12) =
(+12) × (−12) =
(−12) × (+12) =

d. (+7) × (+7) =
(−7) × (−7) =
(+7) × (−7) =
(−7) × (+7) =

e. (+4) × (+4) =
(−4) × (−4) =
(+4) × (−4) =
(−4) × (+4) =

f. (+5) × (+5) =
(−5) × (−5) =
(+5) × (−5) =
(−5) × (+5) =

Teken:

Datum:

**Probleemoplossing**

As die antwoord −30 is en die berekening het drie bewerkings, wat kan die berekening moontlik wees?

# 14 Kwadraatgetalle, derdemagte en nog eksponente

**Skryf jou definisie van kwadraatgetalle neer. Maak 'n skets.**

DEFINISIE

Kwadraatgetalle

____________________________

____________________________

____________________________

____________________________

$2 = 2^1 = 2$
$2 \times 2 = 2^2 = 4$
$2 \times 2 \times 2 = 2^3 = 8$
$2 \times 2 \times 2 \times 2 = 2^4 = 16$
Wat sal die 10$^{de}$ term in die patroon wees?

**1. Hersiening: bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $5^2$
$= 5 \times 5$
$= 25$

a. $2^2$ ______ b. $7^2$ ______ c. $4^2$ ______

d. $6^2$ ______ e. $10^2$ ______ f. $9^2$ ______

**2. Hersiening: bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** $4^3$
$= 4 \times 4 \times 4$
$= 64$

a. $2^3$ ______ b. $1^3$ ______ c. $4^3$ ______

d. $3^3$ ______ e. $3^3$ ______

**3. Hersiening: bereken die volgende met 'n sakrekenaar:**



**Voorbeeld:** $11^3$
$= 11 \times 11 \times 11$
$= 1\ 331$

a. $17^3$ ______ b. $14^3$ ______ c. $16^3$ ______

d. $6^3$ ______ e. $7^3$ ______ f. $8^3$ ______

**4. Skryf hierdie getalle in eksponentiële vorm:**

**Voorbeeld:** 144
$= 12 \times 12$
$= 12^2$

a. 64 ______ b. 9 ______ c. 25 ______

d. 100 ______ e. 36 ______ f. 4 ______

**5. Skryf hierdie getalle in eksponentiële vorm:**

**Voorbeeld:** $81 = 3 \times 3 \times 3 \times 3 = 3^4$

a. 27 ______ b. 8 ______ c. 125 ______

**6. Skryf die volgende in eksponentiële vorm:**

**Voorbeeld:** $64 + 8 = 8^2 + 2^3$
$= 2^6 + 2^3$

a. 125 + 25 = ______ b. 64 + 125 = ______ c. 1 + 9 = ______

d. 1 + 81 = ______ e. 25 + 36 = ______

**7. Skryf die volgende in eksponentiële vorm.**

**Voorbeeld:** Voorbeeld: $50 \times 50 \times 50 \times 50 \times 50 \times 50 \times 50 = 50^7$

a. $30 \times 30 \times 30 \times 30 \times 30 =$ ______

b. $40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 \times 40 =$ ______

c. $60 \times 60 \times 60 \times 60 =$ ______

d. $70 \times 70 \times 70 \times 70 \times 70 \times 70 \times 70 \times 70 =$ ______

e. $90 \times 90 \times 90 =$ ______

f. $200 \times 200 \times 200 \times 200 =$ ______

**8. Kyk na die volgende voorbeeld en doen die berekening:**

**Voorbeeld:** $3^1 = 3$, $25^1 = 25$, $m^1 = m$, $9^1 = 9$

a. $x^1 =$ ______ b. $a^1 =$ ______ c. $250^1 =$ ______

d. $12^1 =$ ______ e. $7^1 =$ ______ f. $47^1 =$ ______

**Probleemoplossing**

Tel die eerste 10 kwadraatgetalle op.

Teken:


Datum:



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 15 Kwadraatgetalle en vierkantswortels

**As die eerste patroon 1 is, die tweede patroon 4 is, en die derde patroon 9 is, wat sal die tiende patroon wees?**



Dit is belangrik om jou maaltafels te ken. Hoekom?

**1. Voltooi die tabel:**

| Getalle | Kwadreer die getal | Antwoord |
|---|---|---|
| a. 6 | $\mathbf{6^2 = 6 \times 6}$ | **36** |
| b. 8 | | |
| c. 9 | | |
| d. 10 | | |
| e. 11 | | |
| f. 16 | | |
| g. 21 | | |
| h. 34 | | |
| i. 48 | | |
| j. 57 | | |

**2. Sonder om dit uit te werk, sê of die antwoord 'n positiewe of 'n negatiewe getal sal wees.**

**Voorbeeld:** $(-15)^2$ sal positief wees aangesien $(-15) \times (-15) = 225$
$(15)^2$ sal positief wees aangesien $(+15) \times (+15) = 225$

a. $(-9)^2$ ______ b. $(18)^2$ ______ c. $(19)^2$ ______ d. $(-21)^2$ ______

**3. Skryf in eksponentiële vorm:**

